

## HOOFSTUK XI.

---

1905.

---

### BEWEGING NEEM TOE.

---

### WIE REGTIG ERNSTIG WAS.

---

#### DIE VYAND LAG IN DIE MOU.

Terwyl dr. W. J. Viljoen en dr. Godée-Molsbergen nog besig was om mekaar te felisiteer oor die „Charter” wat „onze moedertaal” uit Holland verkry het en oor die inbesitneming van Port Arthur, en die studerende jeug aangespoor word om saam te juig, lag die vyand — *ons* vyand — in sy mou. „Vereenvoudigd Hollands” het hom toegeskyn as die laaste strooihalmpie waarna die drenkeling gryp. Ons taal, so is deur verskeie mense van aansien (daaronder mnr. Slater, L.W.V.) verklaar, is gedoem om weldra van die toneel te verdwyn. En was daar g’n grond vir so’n bewering nie? Het hulle nie opgemerk nie dat, terwyl Afrikaners heftig kla oor die skending van taalregte deur Regering, Universiteit, Superintendent-Generaal van Onderwys en ander gesaghebendes, daardie selfde mense skromeloos nalaat om van hul regte gebruik te maak?

ONSE JAN: VEEG VOOR EIE DEUR!


Dit was nie net die *vyand* wat dit opgemerk het nie. Onse Jan ontvang van „Ons Spreekuur,” Stel-

lenbosch, 'n uitnodiging om hulle te kom toespreek. Hy neem dit aan en kies tot onderwerp die uiters gepaste vraag: „Is 't u Ernst?” 'n Groot en geesdriftige skaar daag op om na die gevierde volksman te kom luister, en met daverende toejuiging begroet hulle alles wat hy sê. En *wat* het hy hulle vertel? Dit kom hierop neer: dat die verontwaardiging wat soveel Afrikaners aan die dag lê oor die onregverdige behandeling van hul taalregte, in groot mate net holle skyn was. Enige sprekende staaltjies het hy aangehaal.

#### IN DIE GROEN HOUT.

Hier is een:—

„Een tijd geleden werd een geldsom ter mijner beschikking gesteld waaruit ik voor 'n tal van jaren drie studiebeurzen zou mogen geven, variërende van £20 tot £30 per jaar ieder, aan meisjes die een der Taalbond-examens hadden gedaan. Die beurzen zouden genoten worden in verband met zekere voorname kostschool voor jonge dames op 'n voornaam centrum van onderwijs, maar op *drie voorwaarden*, t.w. (1) Zij zouden haar Hollandsche studiën op die school moeten voortzetten. (2) Zij zouden haar *godsdienst*-onderwijs op die school moeten ontvangen in de Hollandsche taal. (3) De *godsdienst*oefeningen dier kostschool moesten gehouden worden in het Hollandsch. Overigens kon men daar zooveel Engelsch onderwijs geven als men verlangde. Die voorwaarden leken mij billijk genoeg; maar . . . zou 't u bevreemden te vernemen dat de beurzen tot heden ontoegewezen zijn gebleven? Waarom? Omdat op de kostschool niet aan twee dezer drie voorwaarden kon worden voldaan. Er wordt wel Hollandsch



DIE ED. J. H. HOFMEIJER (1845-1909); in sy tyd die kragdadigste politieke kampvegter van Hollands in die Kaapland.

onderwijs gegeeven op de school (in 't *Engelsch*, nogal, meen ik), maar, hoewel de principale der school 'n Afrikaansche dame is die zelf haar eerste godsdiens-onderricht in 't Hollandsch ontvang, hoewel de directie voor 't grooter deel uit Afrikaanders bestaat, hoewel ruim negen-tienden der leerlingen Hollandsch-Afrikaansche boerenmeisjes zijn — daaronder nogal dochters van Transvaalsche Boerenkommandanten wier namen over heel de wereld beroemd zijn — meisjes die met Hollandsche bijbels en gezangboeken van het ouderlijk huis kwamen — wordt haar niet de gelegenheid gegeeven aan een Hollandschen huisgodsdiens, Hollandsche gebeden, Hollandsche gezangen deel te nemen, wordt haar geen Hollandsch godsdiens-onderricht gegeeven, buiten dat 't welk zij van den predikant ontvangen."

Daardie inrigting was die hoof-dameskool op Stellenbosch!

#### DIE WORTEL VAN DIE KWAAD.

Ek ontmoet Onse Jan die volgende dag en vra hom hoe dit gegaan het.

„Goed," sê hy, „maar die plesier wat ek uit die ontvangs geskep het, is bederwe toe ek by die deur uitstap. Ek hoor 'n student daar aan 'n nôientjie sê: ‚Now let us go to the café.'”

„Het oom Jan dan verwag," vra ek met 'n glimlag van leedvermaak, „dat hy sou gesê het: ‚Laten we ons nu naar het café begeven'?”

Ook daardie skrandere diplomaat het nog nie die wortel van die kwaad wat hy wou uitroei, kan gewaar nie. Ook hy het nog nie genoeg besef dat 'n nasie onmoontlik met lus kan handhaaf en huldig 'n taal wat nie syne is nie.

## WATER OP DIE EEND SE RUG.

En het Onse Jan se ernstige beroep op sy mede-Afrikaners om tog in die eerste plaas voor eie deur te vee, enige verbetering in die toestande op Stellenbosch teweeg gebring? Nie lank na die heuglike toespraak gelewer was nie, hou die Bloemhof-Seminarie vir 'n liefdadigheidsdoel 'n groot poppetentoonstelling, en alleen as 'n „Doll Show” het hulle dit geken. Al die kennisgewings en uitnodigings, selfs aan ouderlinge wat nouliks Engels kon lees, het deurmiddel van hierdie taal geskied. Maar „Die ketel moenie die pot verwyd nie!” kon die betrokke onderwyseresse met die eersvolgende landbou-tentoonstelling op Stellenbosch aan Jan Hofmeijr toeroep, toe hy die plegtigheid open..... in Engels! Die man wat, as staatkundige, meer regte verkry het vir Hollands as alle ander Kaaplanders tesame, was gevang! Om verskoning het ons verleë vrind 'n half-dosyn redes genoem, wat, saamgevat, feitlik hierop neerkom: As jy in Rome verkeer, moet jy jou maar soos die Romeine gedra! Hy kon dit nie verhelp nie! Die ware rede, natuurlik, was: Engels was die algemene modetaal, omdat Hoog-Hollands te hoog en Plat-Hollands te plat was.

## WAS DIE NOORDE TE STADIG?

Maar Onse Jan se rede aan „Ons Spreekuur” het teminste één goeie gevolg gehad. Dis na aanleiding daarvan dat mnr. (nou dr.) Gustav Preller, een van ons bekwaamste jong Afrikaners van daardie tyd, op die publieke voorgrond met Afrikaans verskyn het. Gemelde rede was gelewer op 6 Maart 1905. Tot dusver, soos gesien, het die hoofkoerant van Pretoria, sowel as die hoofkoerant van Bloemfontein, bra stil



MNR. (nou DR.) GUSTAV S. PRELLER (soos hy daar  
uitgesien het kort na die Anglo-Boere-Oorlog). Geb.  
4 Okt. 1875. Stigter van Afr. Taalgenootskap, Pretoria.  
Welbekende geskiedskrywer.

gebly op die vraag van Afrikaans, en vir die oppervlakkige opmerker mag soiets vreemd voorkom. Die Hollander-element van die ou Republikeinse dae was mos nou meerendeels verdwyn en hul invloed nage-noeg weg? En Transvalers was tog bekend vir onafhanklikgesindheid, selfs vir opstandigheid? Hoekom is daar dan nie al eerder 'n poging aangewend om die Boeretaal te vereer nie? Gebrek aan nasionale selfrespek? Niemand durf 'n volk wat pas soveel goed en bloed vir hul regte feil gehad het, van soiets vir 'n enkele oomblik verdink nie. Het die ontsenuwende uitwerking van die verwoestende oorlog hom dan nog te sterk laat gelde? Dit mag iets met die saak te doen gehad het, maar was gladnie die groot rede nie. Nee, die hoofrede was 'n heel gewone, natuurlike en verskoonbare.

#### LEIDING UIT DIE SUIDE.

Op taalgebied het Suid-Afrika naamlik g'n geografiese bakens geken nie en die Noorde, as jonger deel, het hom aldeur laat lei deur die Suide. Daardie was die rede. Laat ons dit kortliks nagaan.

Soos tevore opgemerk, die enigste universiteit wat diens moes doen vir Suid-Afrika, was die *University of the Cape of Good Hope*, met setel in die moederstad van die Kaapkolonie. Dit het eksamens afgeneem, nie net vir die M.A.- en B.A.-grade nie, maar vir wat geheet het Intermediêr (naasteby Junior B.A.), Matrikulasie, Skool-Hoër (nou Junior Sertifikaat), ja en vir lange jare — totdat die aantal kandidate onhanteerbaar groot geword het — vir Skool-Elementêr ('n geleerdheidstrap wat nouliks met ons hedendaagse Standaard Sewe gelykstaan). En kandidate uit alle oorde, selfs uit die verre Rhodesië, het

daaraan deelgeneem. Ten spyte van die feit dat die Universiteit so weinig die amptelike hooftaal van Transvaal en die Vrystaat in ag geneem het, is aldaar nooit stappe gedoen om 'n eie, plaaslike eksaminerende universiteit te stig nie.

So het ook die Z. A. Taalbond, ofskoon gehuisves in die Westelike Provinsie, met 'n hoofbestuur waarvan al die lede — en daar was twintig — op 'n paar uitsonderings na, hul verblyf binne 'n vyftig myl van die Kaap gehad het, die hele Suid-Afrika bedien. Uit alle dele het kandidate hulle vir eksamens aan hierdie onoffisiële aanvullingsuniversiteit aangemeld; en aan die uitgereikte sertifikate het die handelspubliek net soveel vertrouwe geheg as aan dié van die amptelike liggaam.

Dan, die vernaamste onderwysers-opleidingskole was ook in hierdie Suidhoek te vinde. Die Normaal-kollege, wat vir 'n baie lang reeks van jare die hoofopleidingsinrigting in die land gewees het, het skoolmeesters (Middelklas, later geklassifiseer onder O.2) in talle gekweek en dié is in alle rigtings oor die land versprei.

Van nog groter belang is dat die *Teologiese Kweekskool*, waaruit die gemeentes van die uitgebreide Nederduits-Gereformeerde Kerk met leraars voorsien moes word, ook in hierdie Suidhoek, t.w. op Stellenbosch, gestaan het, soos vandag nog.

Dan kom *dit* nog by, dat byna *al* die groot onderwysinrigtings, sowel laer as hoër, ook in die Ou Kolonie, veral die Westelike Provinsie, gevestig was. Kaap, Stellenbosch en Pêrel (insluitende Wellington) was die toevlugsoorde van ambisieuse seuns en dogters van heinde en verre. Dis *hier* dat die S.A. College, die Victoria College en die Hugenote-Seminarie gestaan het. Dat Transvaal, die Vrystaat,



Natal, die Oostelike Provinsie, almal, met diepe ont-sag sou opsien na hierdie bakermat van geleerdheid, hierdie algemene Suid-Afrikaanse Athene, om leiding in sake wat die taal betref, spreek dan vanself.

Ons het dit ook nou in verband met die „Vereenvoudiging” opgemerk. Die Taalbond belê 'n konfe-rensie in die Kaap. Transvaal word verteenwoordig deur 'n seun van die Pêrel en 'n seun van Stellenbosch, twee manne naamlik wat in Transvaal poste verkry het; die Vrystaat, deur 'n vooraanstaande onderwysamptenaar, 'n gebore Hollander. En, nog voordat die Taalbondvoorstelle (soos deur gemelde konferensie aangeneem) deur die Universiteit bekrag-tig is, word dit al daar in sekere skole ingevoer! Die Universiteit sou wel, daar was die invoerders seker van, die besluite van die Taalbond aanvaar, en wat Universiteit en Taalbond wil, dit wil al die onderwysdepartemente! En wat die onderwysdepar-temente, met sulke toonaangewers agter hulle, wil, daaraan onderwerp die volk hom!

Dat die volk dit so geredelik gedoen het, was ook heeltetal te begryp. Die gevestigde Transvaalse en Vrystaatse Afrikaners, meer nog as die Afrikaners in die omgewing van die Kaap, was *boere*. Vandaar dan ook die algemene benaming van die Republi-keine: „Boere.” En sulke mense, hoewel jy in die reël meer op hulle as op stedelinge en dorpelinge kon staatmaak waar dit op getrouheid aan taal aan-kom, het hulle nie moeg gemaak oor verskille tussen gewone Nederlands, „Vereenvoudigd Hollands” en Afrikaans nie, ook nie oor die onderskeidelike aan-sprake van hierdie tale om deur ons gebruik te word nie. Dié moes maar uitgemaak word deur die ver-troude gesagvoerders!

## DIE „VOLKSTEM“-MANNE.

In die leggers van Transvaalse nuusblaaië het ek g'n insae gehad nie. So wil ek nie beweer dat niemand aan die oorkant van die Vaalrivier voor mnr. Preller in die openbaar Afrikaans bo „Vereenvoudigd Hollands“ bepleit het nie. Soos my vertel is, egter, was hy die eerste, altans in die hoofkoerant, om dit te doen, naamlik met sy: „Laat 't ons toch ernst wezen.“ Ander het dit vermoedelik nie wil waag nie. Te meer om hierdie rede eer ek sy moedige daad. Ek haal ook my hoed af vir hoofredakteur F. V. Engelenburg wat, ofskoon 'n gebore Nederlander, en waarskynlik teen die sin van die meeste van sy volksgenote, nie alleen die kolomme van sy blad vryelik aan 'n bepleiting van Afrikaans afgestaan het nie, maar die jonge skrywer van harte in die nasionale werk aangemoedig het.

## PRELLER EWE-EENS GEKNELTER.

Beweer is dat mnr. Preller in een opsig in gunstiger posisie as ons hier in die Suide vir sulke werk geplaas was: hy sou naamlik in Transvaal nie te kampe gehad het met sulke skerpe vooroordeel teen „Patriots“ nie. Maar ek twyfel sterk of dit die geval was. Die volksleiers en predikante in Transvaal — en dis by hierdie klasse dat Du Toit hom die meeste gehaat gemaak het — het laasgenoemde nie minder geken, of van sy optree teen Paul Kruger minder geweet nie, as die Kaaplanders. In hierdie verband mag ek ook terloops daarop wys, as ek nogmaals die geskiedenis 'n bietjie mag vooruitloop, dat, toe die Paarlse Drukpersmaatskappy *Ons Klyntji* aan die Afrikaanse Taalgenootskap van *Transvaal* aangebied het as orgaan, hulle dit geweier

het, omdat hulle, in die woorde van die voorsitter, hulle „onmoontlik aan die wiel van die ou Pêrlspan kan laat binde,” terwyl die voorstanders van Afrikaans op *Stellenbosch* nie daarteen opgesien het om hul orgaan (*Ons Moedertaal*) deur daardie drukkers te laat uitgee nie. Nee, in Transvaal had die *pro*-Afrikaans-klompie — wat, opmerklik ook, grotendeels uit manne uit die Ou Kolonie bestaan het — met g'n minder vooroordeel te stry gehad as die manne hier nie. Die blote feit dat die *Volkstem*, nieteenstaande dat sowel hoof as onderhoof van die redaksie-personeel bereid was om aan die volkstaal reg te laat wedervaar, nie durf waag het om dit in sy inleidingskolom in te voer nie, bewys ook al wat die algemene gevoel onder die lesers was.

„LAAT 'T ONS TOCH ERNST WEZEN.”

Mnr. Preller, dan, het sy optree begin met sy „Laat 't ons toch ernst wezen.” Dit was 'n pleitrede in die vorm van 'n opstel wat verskyn het in die uitgawe van 19 April en enige vervolgnommers. Of dit onmiddellik, d.w.s., gedurende die tyd dat die artikels verskyn het of dadelik daarna, in *De Volkstem* polemiëk uitgelok het, kan ek nie sê nie, maar twee maande later maak *Ons Land* daar melding van, naamlik in dieselfde uitgawe waarin hy mnr. Kamerlingh-Onnes se stuk uit die *Exportblad* oorneem; en hy sou dit nie gedoen het as die pleidooi hom nie voorgekom het as besonder lesenswaardig nie.

EK MAAK MET PRELLER KENNIS.

Dit was die eerste keer, as ek my tereg herinner, dat ek van mnr. Preller gehoor het, en aangenaam verrassend was dit my om te verneem van so 'n

medestryder op Pretoria. Maar, daar ek die van : „Preller” toe nog nie geken het nie, het ek gedog dat ek hier met ’n Nederlander, weer ’n Arnoldus Pannevis, te doen het, en skryf hom ’n briefie in sy vermeende landstaal, Hoog-Hollands :—

„Ik zie in *Ons Land* van hedenmorgen dat u een reeks artikelen geschreven hebt, het goede recht van Afrikaans als spreek- en schrijftaal bepleitende. Mag ik u om de gunst vragen, mij een of meer van die artikelen te doen toekomen? Ik zou gaarne willen zien wat u eigenlijk onder het woord ‚Afrikaans’ verstaat. . . . De vraag is maar of wij overeenkomen op de vraag, wat ‚Afrikaans’ is. Voor mij is het de taal welke onze boerenbevolking spreekt. . . .”

Ek het aldus geskrywe omdat ek effens gevrees het dat die soort Afrikaans wat op Pretoria voorgestaan word, ook die „deftige” taal van die sogenaamde „hoë stande” is. Dan was dit maar weer ’n tussending wat ek eerder sou wil beveg as bevorder.

Toe moes ek ontdek dat mnr. Preller gebore Afrikaner is, soos ek self! Hy verseker my in sy prompte antwoord dat dit die ware Jacob is, suiwer Afrikaans, wat hy wou vereer, dat hy in sy spelling die „beschaafste Afrikaanse uitspraak” wou volg, dat hy die „vereenvoudigde” Nederlandse spelling tot grondslag wou neem, ens., en hy beloof om my die volledige opstel en oproep — want hy het ook ’n organisasie wil stig — eerlang te laat kry. Bevredigend, hoewel nie heeltemal oortuigend nie. Woorde en spelling in die brief het my plek-plek alte Nederlandsagtig voorgekom. So skryf ek hom terug, o.m. :—

## WATTER SOORT AFRIKAANS?

„Ek meen, soas u, dat dit goed sou wees om di spelling so na molik an di Vereenvoudigde Nederlandse spelling te laat bly, sonder om iets op te offer van di mooiheid van onse eië taal. Mar ek hoop van harte dat gin besluit sal geneem word ni om di *z* en di *sch* (aan di begin van lettergrepe) in Afrikaans te gebruik, want daardie letterklanke is in onse taal glad onbekend. Ons gebruik *s* en *sk* in plaas daarvan. Vir die res het ek gin grote beswaar te maak teen u spelling ni, ofskoon die in sommige opsigte van myne verskil. Wat u bedoel met di ‚beschaafste Afrikaanse uitspraak‘, weet ek ni so reg ni. Di meeste mense wat hulle verbeel dat hulle beskaafd Afrikaans praat, praat nóg Afrikaans nóg Nederlands, maar ‚n mengsel van albei. . . .”

## PRELLER SE PAMFLET.

‚n Rukkie daarna ontvang ek die volledige stuk – opgestel in Nederlands, tereg, want dit het moet preek aan onbekeerdes, dit wil sê, in die taal wat hulle lees – en ek vind dit ‚n besonder welbedagte uiteensetting van die taalposisie, gelaai met onomstootlike argumente ten gunste van die volkstaal. Wel het die styl my voorgekom as ‚n bietjie te hoogdrawend vir die gewone leser. Om ‚n sinsnede aan te haal: ‚‚t Onheilspellende wenkbrauw-gefrons verwacht ik van m’n vrienden, de taal-politici, die . . . elke ademtucht van ‚t Afrikaans taal-organisme gadeslaan.‘‘ Maar dis juis daardie verhewe styl wat die stuk aan die hoog-ontwikkelde leser sou aanbeveel. Waar ds. Willie Postma se pleitrede bedoel was vir die gewone man, was mnr. Preller s’n vir die geleerde. En kragdadig het dr. Engelen-

burg gehelp om dit aan die man te bring deur die skrywer in 'n voorwoord ten hoogste te prys.

#### MY HARTLIKE ONDERSTEUNING.

Eksemplare van die pamflet is wyd en syd versprei, en ook *Ons Land* het daarvan notisie geneem, maar dié het slegs dr. Engelenburg se Voorwoord oorgeneem en van die stuk self net gesê: „We houden ons overtuigd dat deze artikelen veel aandacht zullen trekken.” *De Goede Hoop* het egter daardie koelheid vergoed deur drie kolomme aan die Opstel te wy. En ek sê aan die end:—

„Als onze natie niet haar taal, het onvervalschte Afrikaansch, als een degelijke, waardige, zelfstandige taal wil vereeren, en haar trapsgewijze — zoo iets gaat nooit 'snel — tot schrijftaal wil verheffen, zal niet alleen deze kostbare erfenis onzer ouders ons verloren gaan, maar ook van 't heerlijke Nederlandsch zal er in ons land niets overschieten. Deze twee talen gaan hand aan hand. De beste vrienden van Nederlandsch in Zuid Afrika vindt ge bij de voorstanders van 't Afrikaansch. Werkt men Afrikaansch tegen, dan werkt men Engelsch — en Engelsch alleen — in de hand. Daar is geen enkele Afrikaner in 't gansche Zuid Afrika die 't Afrikaansch heeft laten varen, of zijn taal, en in veel gevallen ook zijn kerk, is Engelsch. We kunnen de namen van ettelijke voorname, waardige Afrikaners noemen die sterk voor de instandhouding van Nederlandsch (tegenover Afrikaansch) hebben geijverd, wier kinderen alleen Engelsch spreken. Zulke Afrikaners, hoe goed ook hun intentie, zijn hun eigen tegenstanders — ze zijn, zonder dat ze het weten, zeer gevaarlijke vijanden van 't Hollandsch (Nederlandsch zoowel als Afrikaansch).”

## ORGANISASIE.

Om tot mnr. Gustav Preller terug te keer — soos ons gesien het, het hy nie net 'n fyne uiteensetting van die aansprake van Afrikaans opgestel en in pamfletvorm versprei nie, hy het ook begin organiseer. Sou ons, hier in die Suidhoek, nie ook maar dadelik begin nie? Hiertoë het mnr. Preller my wil aanspoor. Hy het my naamlik gevra om 'n tak van die Afrikaanse Taalgenootskap wat op Pretoria staan gestig te word — 'n genootskap wat, soos hy dit elders uitgedruk het, „wil voeling hou met die voorstanders van die Afrikaanse taalbeweging in die Kaapkolonie en in Holland” — in my omtrek op te rig. Nou, as iemand wat sterk glo in gesamentlike kraginspanning, het ek toe alreeds aan hom geskrywe dat hy my naam kon opneem as lid van sy vereniging. Maar was die geleë tyd al daartoe aangebreek om hier, waar die taalgode hul ophou en hul burgte gevestig was en waar die geveg dus van 'n bietjie ander aard sou moet wees as op Pretoria, 'n georganiseerde aanval te begin? Het ons al die nodige kragte tot ons beskikking daartoe gehad? Die bestorming sou van die gedetermineerdste en hardnekkigste aard moet wees of gladnie gewaag moet word nie. Dit sou anders op 'n lelike terugslag, 'n vernedering, kon eindig, wat die klokwysers seker agteruit sou sit.

„DE GOEDE HOOP” MOES TAKT GEBRUIK.

Een ding: Van die kolomme van *De Goede Hoop* sou ons nie vir propaganda-doeleindes op daardie tydstip buitengewone gebruik kon maak nie. Die tydskrif sou anders met ope oë rusie moet soek met party van sy getrouste ondersteuners. Daaronder,

Onse Jan. Hierdie vriend het toe alreeds, daardie jaar, die blad met 'n paar flinke bydrae uit sy pen begunstig, en een sou ek nog moet kry: „Het Spiritisme” — die leser sal dit ondertekend vind „G.E.O.” (Giovanni Enrico Omero) —, die langste en beste van sy pennevrugte. Dan ook, meer as een lid van „*De Goede Hoop* Kommissie” het alweer by my gelol om tog nie te veel vir Afrikaans in die blad te ywer nie. Hulle sou g'n stappe teen my geneem het as ek hul wens in die wind geslaan het nie, daarvan was ek oortuig; maar dan was my handelwys takteloos, en stellig sou ons grote saak niks daarby gewin het nie.

Maar waarom het ek in die Junie-nommer verklaar dat na die Julie-uitgawe daar minder Afrikaans in *De Goede Hoop* sou verskyn? Hieruit het een taalgeskiedskrywer die gevolgtrekking gemaak dat ek daartoe *verplig* was. Nee, ek het dit gesê alleen om sekere van die tydskrif se ondersteuners onder die teenparty te troos! Ek *kon* dit sê omdat ek geweet het dat mnr. D. P. du Toit se toneelstuk „Di Bedriegers” in die Julie-uitgawe sou eindig, my „Johannes van Wyk” ook toe al na sy end loop, en ek g'n ander Afrikaanse stukke in voorraad gehad het nie.

#### DIE SUURDEEG MOET EERS RYS.

Maar al sou *De Goede Hoop* nie te veel kan uitgerig het nie, die kolomme van *Ons Land* was mos daar! Koerante verwelkom in die reël lewendige twisgeskryf oor openbare vraagstukke. Nee, die geskikste geleentheid vir 'n openbare oorlogverklaring teen die Taalbond, ten opsigte van Afrikaans, deur 'n opposisie-organisasie, was nog nie gekom nie. „Laat bly wat goed stryk,” is die leus wat



hier moes toegepas word. „Wat *goed* stryk,” sê ek, want, hoe onbeweeglik ook die meeste geleerdes en *quasi*-geleerdes was, nog aldeur het Afrikaans, onopsigtig, by die studerende jeug grond gewin. So het ek my wapenbroer op Pretoria geskrywe dat die suurdeeg hier maar nog 'n bietjie moet rys.

#### 'N AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Hiermee is natuurlik gladnie bedoel dat ons hier met die hande oormekaar sou sit nie. Wat myself betref, ek was van plan om g'n aanval van belang op Afrikaans in *Ons Land* onbeantwoord te laat nie. Ek was ook juis besig om die taal te probeer help in 'n opsig waarin dit tot op daardie tydstep treurig verwaarloos was. Daar g'n taalgeleerde dit wou doen nie, het ek 'n Afrikaanse grammatika begin saamstel, dit in Engels, sodat ook die Engelsman kon ophou om ons te verwyt dat Afrikaans g'n reëls het nie. G'n ligte taak vir 'n leek nie, veral daar dit grotendeels pionierswerk was, en dis aan daardie veeleisende onderneming te wyte dat ek so betreklik min aan Afrikaanse lektuur in 1905 bygedra het.

#### PROF. DE VOS SE „OPEN BRIEF”.

Deur die wakker optree van my taalbroers in die Noorde, Bloemfontein ingesluit, het die Taalbondmanne ingesien dat die saak ernstiger was as wat hulle eers gemeen het. Die goeie prof. De Vos, wat Hoog-Hollands as iets heiligs en Afrikaans as iets armsaligs beskou het, het glad ontsteld geraak weens die agitatie en 'n vaderlike, amper patetiese beroep in 'n „Open brief aan de voorstanders van een Afrikaanse schrijftaal” in *Ons Land* gerig (29 Aug.),

om tog, ter wille van die eensgesindheid, van hul plan af te sien; en adv. F. S. Malan, as editeur (en „handy man”), het dit nodig geag om die redaksiestempel daarop af te druk.

„VECHT NIET IN EIGEN KAMP.”

Nouja, ons het ons moet verdedig.

Net soos ek vroeër probeer het om stryd met dr. Viljoen te vermy, so het ek ook, en om dieselfde rede, in die laaste tyd met adv. Malan. Op sy eerste korte uitlating (27 Junie) dat hy die beweging ten gunste van Afrikaans as skryftaal as verbrokkeling van kragte beskou, het ek maar geswyg. Nou, twee maande later, kom hy met 'n hoofartikel voor die dag onder die leus: „Vecht niet in eigen Kamp!” Dit was sy eerste, regtig ernstige optree teen ons beweging, en, dat dit effek sou hê, was seker. Die groot meerderheid van sy lesers sou ja en amen op sy woord wil sê. *Ons Land* was sowel die taal- as die politieke bybel van honderde, ja duisende. Toe jeuk my opstandige vingers 'n bietjie te veel, en ek gryp weer die pen op. Daar die brief weergee wat ek in verskeie verklarings daarna geuit het, wil ek 'n ruime gedeelte daarvan aanhaal:—

„Mijnheer,—Met belangstelling heb ik uw inleidingsartikel van 29 Augustus l.l., ‚Vecht niet in eigen Kamp’, gelezen — met belangstelling, omdat ik uw gevoelens op de taalkwestie altijd op prijs stel. Maar ik was teleurgesteld. Wetende dat uw huistaal de taal van uw volk is, wetende dat gij die taal niet minder mint dan ik zelf, had ik gedacht dat als het er op aankwam, gij als verdediger van die taal zoudt optreden, ja als kampvechter. Ik heb mij vergist. Uw begeerte om eenige brave, welmeenende, doch te conservatieve Afrikaners, wier inzicht op taal-

gebied niet zoo breed is als het uwe, te behagen, heeft de overhand over u behaald. Uw artikel komt hierop neer: ,We moeten eens zijn wat de taal betreft, maar onze schrijftaal moet niet Afrikaansch zijn.' Met andere woorden: Wij Afrikaners die onze taal waardeeren, zooals iedere beschaafde natie haar eigen taal behoort te waardeeren, wij die meenen dat onze eigen taal beter voor ons geschikt is en ons dierbaarder behoort te zijn dan eenige andere taal, zelfs het Nederlandsch, moeten haar niet verheffen — ter wille van de eensgezindheid! Als Chaucer, ter wille van de eensgezindheid, zijn bekwame pen gebruikt had ter bevordering van 't Fransch in Engeland in plaats van ter bevordering van het desmalige verachte Engelsch, zou Engelsch dan zoo spoedig algemeen erkend zijn geworden als een taal die het schrijven waard was? Als Goethe, ter wille van de eensgezindheid, het niet gewaagd had zijn gedachten in de toen bespotten, zoogenaamde ,kombuistaal' van zijn volk uit te drukken, waar was Duitsch gebleven? Eensgezindheid is iets uitstekends, maar moet ik, ter wille daarvan, mijn taal op den achtergrond laten liggen als iets dat niet degelijk of fatsoenlijk genoeg is voor de beschaafde pen? Verdeeling in een kamp is onwenschelijk, maar als het ééne gedeelte van het kamp weigert om te velde te trekken voor zijn rechten, moet dan ook het andere, ter wille van de eensgezindheid, plichtsgevoel verzaken en doodstil blijven zitten? Ook ik verlang naar eendracht. Niemand kan daarnaar sterker verlangen. Maar ik ben niet gewillig de rechtmatige, wettige eischen van mijn eigen taal, een taal die voor geen andere in verdienste en kracht ten achteren staat, te laten varen. Ter wille van eendracht en conciliatie heeft onze natie reeds meer dan genoeg opgeofferd. Als het zoo moet voort-

gaan, zal ze weldra niets meer overhouden dan, mogelijk, eendracht! Men raadplege zijn gezond verstand en kennis, niet zijn vooroordeel, en men zal vinden dat de schrijftaal van Holland niet de taal van ons volk is; dat geen Afrikaner, geleerd of ongeleerd, die taal spreken kan, en dat zeer weinigen haar schrijven kunnen; dat geen natie in de gansche wereld 'n schrijftaal gebruikt welke zoo ver van haar spreektaal verschilt als dié van den Afrikaner van de zijne; dat 't een onnatuurlijke toestand is om ééne taal tot spreektaal te hebben en een andere tot schrijftaal; dat, hoe meer wij onze taal verwaarloozen, hoe minder ze gerespecteerd en gebezigd wordt; en dat eensgezindheid op de onredelijke basis van: „Kleef alleen aan de taal van Holland!” onmogelijk is.”

Voortgaande, behandel ek in my brief die hoofbesware wat daar gewoonlik teen verheffing van Afrikaans geopper word, wys hoe hol hulle is, en ontken vir die hoeveelste maal dat ons enige gevoel teen Nederlands koester en dit uit skool of kerk wil verban. Hierdie brief het *De Volkstem* oorgeneem. *Ons Land* het verkies om daar g'n repliek op te doen nie. Maar J. R. L. Roux het in die bres gesprong, met die gevolg dat daar tussen laasgenoemde en my in *Ons Land* 'n taamlik langgerekte briefwisseling plaasgevind het — waaruit dit egter nie die moeite wêrd is om iets aan te haal nie.

#### PROFESSOR MARAIS SE KOMBUISTAAL.

Aanvalle op die taalbeweging is ook gemaak deur prof. dr. J. I. Marais, van Stellenbosch, in sy tydskrif *Het Gereformeerde Maandblad*. Daardie so verligte Afrikaner, 'n man wat weens sy hoë geleerdheid, sy helderheid van gees en sy fyne beskaafdheid,

beskou was as een van die pronkstukke van die Kerk en die Nasie, het meegesing van Afrikaans as „kombuistaal”. En *Het Kristelik Schoolblad*, mondstuk van die Christelike Nasionale Onderwys in Transvaal, was net so affrontelik. Dié het oorgekook van verontwaardiging oor die beweging. By hom was dit „een roekeloos radikalisme, o zulk ’n vermetele onbesuisdheid”. Die poppe was nou mooi aan die dans.

## HOOFSTUK XII.

---

1905—1906.

---

### TAALBOND, IN OORWINNINGSROES, ONDERSKAT KRAG VAN TEENPARTY.

---

'N A.T.G. OP PRETORIA GESTIG.

Op 13 Desember 1905 is die Afrikaanse Taalgenootskap op Pretoria gestig, met doel: „(a) Afrikaners te o'ertuig dat Afrikaans ons taal is, en dat dié deur Afrikaners as hul spreek- en skryftaal behoort gebruik te worde; (b) ontwikkeling van die Afrikaanse taal in suiwere vorm; (c) aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteitsgevoel.” Voorsitter was, passend genoeg, 'n seun van mnr. C. P. Hoogenhout: dr. N. M. Hoogenhout. Sekretaris: mnr. Izak van Heerden. Ander hoofbestuurslede: adv. (nou regter) N. J. de Wet, F. P. Nicholson, G. S. Preller (al drie van Pretoria), A. J. van der Walt (Potchefstroom) en „Joh.” Visscher (Bloemfontein).

„DE UNIE.”

Wat het intussen van dr. Viljoen se dreigement geword om teen *De Goede Hoop* 'n opposisieblad in die lewe te roep? Dit was nie bluf nie. Met die uitvoering van sy plan het hy g'n gras onder die voete laat groei nie. Deur die nuwe tydskrif as

orgaan van die „Zuid Afrikaanse Onderwysers Unie” te laat dien, kon dit onmiddellik reken op die vaste ondersteuning van ’n belangrike vereniging, wat uitstekende nasionale werk verrig. Toe die saak aan ’n kongres van hierdie liggaam in April voorgelê word, het dit dadelik geesdriftige byval gevind en ’n kommissie is benoem om die onderneming te bewerkstellig. Op 15 Julie, al, het die eerste nommer verskyn van die blad „wat so graag zijn wil: een Gids voor de leerling, een Raadsman voor de onderwijzer, een Vriend van den huize, en een Vraagboek voor allen,” kortom „een maandblad voor school en huis,” soos dit op die titelblad geheet het.

Die *Middellandsche Afrikaander* het toe wil weet of, met die oog op die feit dat *De Goede Hoop* alreeds sulke algemene diens verrig, die poging nie bereken is om verbrokkeling van kragte teweeg te bring nie. Hoe dit sy, die tydskrif was nou ’n *fait accompli*. Dit het gestaan onder die gesamentlike redaksie van dr. Viljoen en twee welbekende onderwysers: M. J. Stucki (President Z.A.O.U.) en W. Fouché (Riebeeck Wes). Die voertaal was natuurlik „Vereenvoudigd”.

#### MOET ONS NOU NEDERLANDS SPREEK?

Ek was nuuskierig om te weet of *De Unie* (want aldus is hy gedoop) vir daardie taal gaan ywer net as *skryf*-taal, dan ook as *spreek*-taal. Na die gerusstellende, besliste seëviering wat dr. Viljoen behaal het, kon hy mos maar nou met alles wat hy beoog, met alles wat hy in die skild voer, voor die dag kom! Heimelik het ek van harte gewens dat hy en sy medewerkers na die uiterste sou probeer oorgaan. Ek wis hoe hulle op daardie manier hul saak — die saak van „Vereenvoudiging” — sou bederwe en Afrikaans in die hand speel.

Die eerste uitgawe van die blad het nog nie die aap uit die mou gelaat nie. In die tweede kom daar voor 'n tiental versies : „Aan de Unie,” deur sekere „Klein Billie,” van wie die hoofredakteur meedeel dat hy „nog zeer jong” is. Die tweede versie het gelui as volg :—

„Kom, spreek ,vereenvoudigd' Neerlands  
Op Afrikaanse grond,  
En leer ons hoe men keuvelt,  
Hetzij met pen of mond.”

„Wij danken ,Klein Billie' voor zijn bemoedigende woordjes,” sê die redakteur, o.a., maar sonder om homself definitief te kompromiteer. Elders in die blad voorspel mnr. Stucki van „Jong Zuid Afrika” : „In uw leeftijd zal het gebeuren dat men in Nederland en hier algemeen de vereenvoudigde taal gebruikt, met uitzondering natuurlijk van de oude mensen.” Ook hierdie woorde was darem nog dubbelsinnig : jy kon nog uitlê dat „gebruikt” alleen op die skryftaal slaan. Maar in die derde nommer verdwyn wat daar nog van die sluier oorgeskiëet het en word die jong Afrikaner openlik (uit die pen van mnr. Stucki) gevra om sy taal op so 'n manier te leer praat dat dit in beskaafde kringe in Holland niemand se gehoor kwets of sy taalgevoel krenk nie. „In plaats van *ik is, ons is, hulle is*, weten onze lezers,” so gaan hy voort, „dat het wezen moet : *ik ben, we zijn, ze zijn*. Waarom dan voortgaan met te spreken : *ik is, enz.*, en te schrijven : *ik ben, enz.?*” Maar mnr. Stucki, getrou aan sy skynbare leer dat spreektaal skryftaal moet volg(!), het nog 'n entjie verder gegaan. As die Afrikaner Nederlands moet gesels, dan moet hy dit doen soos die Nederlander — hy moet naamlik ook die *uitspraak*



naboots! Heel konsekwent van hom en reg; want, as ons Engels praat, moet ons mos die Engelse aksent ook volg. So beveel vader Stucki plegtig aan dat die leser die woordjie *hij* uitspreek: *ie!* Fraai. In my skooldae het ek gedog dis verspot van mnr. H. Elffers om ons in sy „Dutch Grammar” te leer dat ons die Nederlandse *e* soos die Engelse *ey* moet uitspreek, maar daardie les sou die volgeling van mnr. Stucki nou nuttig te staan kom! Dr. Viljoen, as hoof-editeur, het g’n stap gedoen om sy medewerker te waarsku dat dié darem nou die saak te ver dryf nie, nog minder sy sienswyse repudieer. So kon die ou heer in die ingeslae weg ongestoord voortgaan.

Onwetend het *De Unie*, presies soos ek voorsien het, ons saak ’n waardevolle diens bewys deur die opkomende geslag te probeer afkry ook van hul omgangstaal. Hierdie poging het meer as een Afrikaans-begunstiger wat nog aldeur in hul goedertrou op dr. Viljoen, met sy ywer om die landstaal tegemoet te kom met „Vereenvoudigd Hollands”, gesien het as eintlik ’n polietse vriend van hul taal, die oë wyd laat oopgaan. Daardie tegemoetkoming, moes almal nou insien, was uit vyandskap, nie uit liefde nie.

#### VADERLIKE TROOS.

Nee, maar mnr. Stucki sou sulke onkundige ontevredenes kan troos! „De regeringen,” verseker hy hulle, „zullen een sterk wapen in de handen hebben indien Afrikaans de taal moet worden. Ze zullen dan kortaf zeggen: zulk een *patois* laten we niet toe op onze examens — en dan sterft onze taal geheel uit.” Liewer perdevleis as hongersnood! In dieselfde nommer (November) druk dieselfde skrywer ook die hoop uit dat die jong Afrikaner voortaan in

sy spreektaal die *imperfektum* sal gebruik. *Reden, kregen, liepen, kwamen!* Net maar *moed*, sê hy, niks meer nie, was daartoe nodig! En in die volgende uitgawe gee hy aan die hand dat Afrikaners 'n bond stig „om grammatikaal Hollands te spreken.”

Selfs in die geledere van die Z.A.O.U. was daar manne — ondersteuners van die „Vereenvoudiging” — wat met daardie idee, agteraf, die spot gedrywe het; en die voorstel is nie opgevolg nie.

### VILJOEN SPOG WEER.

Intussen is dr. Viljoen in die geleentheid gestel om, as hy dit wou, die afgeknipte, openbare pennestryd tussen hom en my in 'n eie blad te heropen. Het hy van hierdie bevoorregte posisie — 'n redakteur het mos altyd die laaste woord — gebruik gemaak om hom op my te wreek? Nie regstreeks nie. In die begin omtrent gladnie. Maar toe hy uiteindelik, naamlik in die September-uitgawe, met trompetgeskal kon aankondig dat die Universiteit die seël geheg het aan die „Vereenvoudigde skryftaal” en opnuut kon spog dat „de zaak tans, evenals de val van Port Arthur, tot het verleden behoort,” toe kon hy darem nie nalaat om sy teenparty in die verbygaan 'n goeie steek te gee nie. Na in vae terme enige honende aanmerkings te gemaak het omtrent diegene wat hom en sy wapenbroers die hoof durf bied het, swaai hy erkentlikheid toe aan die manne „aan wier belist optreden 't in hoge mate te danken is dat een zijdelingse poging ter elfder uur aangewend om ‚de Vereenvoudigde’ te doen verongelukken, nog betijds werd gefnuikt” — woorde duidelik op myself, o.a., bedoel, maar ook vaag genoeg om my te belet om daarop te antwoord.

## TOT WAARBY DIE OORWINNING BEPERK WAS.

Nouja, toe Universiteit, Onderwysdepartemente en Staat, selfs 'n heeltrop predikante, besluit het om „Vereenvoudigd Hollands” in die plek van Hoog-Hollands te stel, moes ek as editeur my maar met die beste fatsoen onderwerp aan die onvermydelike, daar die enigste alternatief feitlik isolasie sou beteken. Hieroor het 'n paar verspotte teenstanders met my gejl. My „kapitulاسie” sou dan bewys lewer van die volslaentheid van hul sukses! Asof my erkenning van 'n blote daadsaak my sou laat afsien van my standpunt en my ywer! Maar daar was nogal heelwat mense wat gemeen het dat, noudat die Taalbond die paal gehaal het, die „handjievol” wat vir Kaapse Hollands was, ook maar die tou moes opgooi! Hulle het uit die oog verloor dat alhoewel die worsteling in sekere mate driehoekig was, Kolluwyns nie juis voorgestel was om *Afrikaans* te vervang nie, maar om hier die plek te kom inneem van die algemeen erkende Nederlandse skryftaal *a la* De Vries en Te Winkel. Dat die invoerders die hoop gekoester het dat hulle met die ding twee vlieë in een klap sou slaan, is 'n ander saak. Nee, Afrikaans was nog 'n heeltomal ope vraag — behalwe miskien vir diegene onder sy begunstigers wat al die nuwigheid as 'n voldoende konsessie verwelkom het.

„AFR. GRAMMAR” NIE TUIS IN „DE G.H.” NIE.

Voor ek 1905 verlaat, wil ek net nog aanstip dat ek in daardie jaar die eerste hoofstukke van my „Africander Grammar” in *De Goede Hoop* geplaas het. Maar selfs goeie voorstanders van Afrikaans

was met so 'n handelwys ontevrede. Hulle wou g'n Engels hoegenaamd in hul tydskrif sien nie. Ek het hierdie beswaar gebillik en die werk gestaak, om dit later in boekvorm uit te gee. In hierdie verband mag ek terloops aanstip dat die boekie, so onvolledig en eenvoudig as dit was, goeie aftrek gekry het. Aan handelsbanke, vir gebruik van die klerke, is honderde eksemplare verkoop.

### GEE AFRIKAANS PAD?

In verband met die taalstryd was dinge oor die algemeen baie stiller in die eerste helfte van 1906 as gedurende die laaste helfte van die vorige jaar, ja ook as gedurende die eerste. Vir die oppervlakkige toeskouer moet dit gelyk het of „Vereenvoudigd Hollands” alle teenstand verpletter het: asof dit onaantasbaar en vergoed in Port Arthur gevestig was en die teenparty druipstêrt die vegterrein geruim het. Dat dit die geval was, skyn byna alle Taalbond-manne as 'n vasstaande feit aan te geneem het. Sommige het met die gelewerde verset en die daarmee in verband staande optree vir Afrikaans as 'n „storm in die teepot” begin spot. Die blanke Afrikanerdom, op die teenspartelaars na, sou voortaan net een moedertaal erken! Wat die houding van dr. Viljoen en mnr. Stucki was, weet die leser al. Nou, in April 1906, kom ook die verantwoordelike Taalbond-voorsitter, die gewoonlik so verstandige professor De Vos, opnuut met die voorstel voor die dag dat die kind sy tong moet slyp vir die taal van Holland. Hy gee naamlik 'n pamflet uit: „De Afrikaander en zijn taal,” en raai daarin aan, o.m., dat ouers wat kinders op kosskole het, daarop aan-

dring dat dié „*daar behoorlik zullen leren spreken*. . . . Men zal verbaasd wezen, welke vordering daarin gemaakt zal worden . . . als 't ijs maar eerst gebroken is, zodat Hollandssprekende meisjes niet meer voor elkander beschaamd zijn om zulke eenvoudige woorden als ‚wij zijn’ in de plaats van ‚ons is’, of ‚wij gaan wandelen’ in plaats van ‚ons gaat walk’ te gebruiken! Als men niet van hen zal eisen dat zij spreken moeten precies zoals een dame in Nederland dat doen zou, maar in aanmerking neemt dat de ‚Vereenvoudigde’ nu erkend is, dan is het toch voor een Kaapsch kind zulk heksenwerk niet behoorlik Hollands te spreken.” Nederlands in sy nuwe vorm was, volgens hom, nou ons volk se *eigen taal*, iets wat ons maar net moet handhaaf, dis al!

#### CELLIERS SE „VLAKTE.”

Vir mense wat so min van Afrikaans as deeglike uitingsmiddel gedink het, sou die gepasste antwoord gewees het die verskaffing van 'n onteenseglik verdienstelike pennewerk daarin. Om te sien is om te glo. So 'n antwoord het die pamflet toevallig byna dadelik gekry. Jan F. E. Celliers, wat drie jaar van sy lewe in Holland deurgebring het en in Nederlands omtrent net so konfyt was as die teologiese professor, publiseer toe sy „Vlakte”, 'n kunswerk wat die skerpste beoordelaar moes bewonder en wat ook bestemd was om 'n standaardwerk te word. Hierdie pronkstuk het eers in die *Volkstem* (in Mei) verskyn, net omtrent 'n maand na die pamflet; later in 'n boek. En hoeveel oë het dit nie oopgemaak nie! Daardie enkele voorbeeld van wat Afrikaans vermag, het miskien goedgemaak alle gebrek aan „beweging” in daardie tyd.

## TE VEEL GEKOPPEL AAN „VEREENVOUDIGING.”

Een rede waarom daar nie in Pretoria kragdadiger opgetree is nie, is omdat mnr. Preller, niesteenstaande al die betuigings van meegaan wat hy ontvang het, te min daadwerklike ondersteuning gekry het. Te veel Afrikaans-begunstigers het hulle met die „Vereenvoudiging” gekompromitteer. Dit stuit teen jou bors om, pas na jy 'n gas in jou huis verwelkom het, hom sommer weer daaruit te ja. „Vereenvoudiging”, of dit nou tegemoetkoming van Afrikaans was of nie, was inderdaad ook Nederlands — „Klein Nederlands”. Selfs die *voorsitter* van die A.T. Genootskap het hom blykbaar enigsins geknelter gevoel. Toe hy (in Augustus die vorige jaar) gevra was om met die stigting van die vereniging te help, het hy geantwoord: „Ik ben helemaal gewillig om op de voorlopige kommissie te zitten, maar dan moeten we de zaak voorlopig zo behandelen alsof we de Taalbond-vereenvoudigde niet in de wielen willen rijden.” (Hierdie skrywe vind ek in dr. Preller se argief, waartoe dr. E. C. Pienaar my goedgunstiglik insae verleen het.) En mnr. Nico Hofmeijr? Waarom kry ons nie sy naam onder die hoofbestuurslede nie? Ek meen dit was omdat hy g'n spraakleer en spelling kon voorstaan wat soveel van die „Vereenvoudiging” afwyk nie. (In gemelde argief lê 'n brief uit sy pen wat my regvêrdig om so 'n gevolgtrekking te maak.)

## HANDJIEVOL MOET DIE SPIT AFBYT.

En op Bloemfontein? Ek weet nie. Oor die eerste maande van die jaar kan ek nie praat nie. Ek wil glo dat, net soos op Pretoria mnr. Preller, met mnr. Van Heerden as sy regterhand, die spil was waarom

alles gedraai het, so was dit op Bloemfontein ds. W. Postma, met mnr. Joh. Visscher.

In Natal, waar, soos ons gesien het, mnr. J. S. M. Rabie die vaandel omhoog probeer hou het, is hy feitlik die enigste gewees van wie die beweging daar afgehang het! „My naaste Afrikaner wat ek kan inspan,” het hy die vorige jaar aan mnr. Preller geskrywe, „woon ergens naby Nondweni, tussen die Kaffers.”

In die Kaap was die posisie veelal soos op Pretoria. Saamstemmers genoeg, maar saamvegters treurig skaars.

G'n wonder dan dat soveel van die Taalbondmanne, nog in die roes van hul triomf, onder die belaglike waan geraak het dat hulle nie net vergoed sou behou wat hulle gewin het nie, maar 'n verdere verowering kon maak — dat hulle naamlik die Afrikaner-skoolkind Hoog-Hollands kon laat praat en op daardie manier die *patois* mettert tyd kon terugbring na die grammatikale taal!

#### WITVOETJIE BY DIE A.C.V.V.

Dr. Viljoen had ook 'n *ander* oorwinning op die oog. Deurdat die onderwysers, heeltetal tereg, *De Unie* kragtig ondersteun het, het hierdie nuwe nasionale tydskrif vinnig opgang gemaak — sonder, egter, dat sy ouer broer daaronder ly. Daarmee was die ambisieuse hoofredakteur nog lank nie tevrede nie. *De Unie* was mos *huis*-blad sowel as onderwysers-orgaan? Waarom kon dit nie as mondstuk dien ook van die magtige Afrikaanse Christelike Vroue-Vereniging nie? Hierdie liggaam, hoewel nog maar 'n paar jaar oud, het al omtrent 1,600 lede toe getel en neem vinnig toe. Dink hoe so 'n vereniging die blad sou help in die verkryging van

intekenaars, advertensies en naam! Waar sou *De Goede Hoop* dán bly?

Ongeveer 'n week voor die tweede jaarlikse kongres van daardie vereniging sou plaasvind, deel 'n vriend uit Stellenbosch my mee dat die eienaars van *De Unie* aan die A.C.V.V. vrye beskikking oor ses bladsye in elke nommer gaan aanbied en dr. Viljoen al hard besig was om steun vir sy voorstel te verwerf. Mevr. Schonken (Stellenbosch), sekretaresse van die hoofbestuur, 'n baie bekwame woordvoerster, sou hoofpleitster wees. „Só nie saam nie!” dog ek by myself. Ek sorg toe dat ook die eienaars van *De Goede Hoop* 'n aanbieding, naamlik van twee bladsye (vier kolom), maak, hoewel ek besef het dat my voorstaan van Afrikaans 'n sware struikelblok tot aanname sou wees. En ek begin self 'n bietjie woel.

Die kongres het op Cradock gesit in die begin van April. Voorstel en amendement is behoorlik ingedien, en dis my vertel dat op g'n ander onderwerp 'n warmer bespreking plaasgevind het nie. Mevr. Schonken, goed bygestaan deur haar medeafgevaardigdes van Stellenbosch (mevroue Van der Post en Roux) en ander, het haar besonder flink van haar taak gekwyt. Maar dit het ook mevroue J. Claasens, Venter, Z. J. de Beer en J. Roos, wat almal vir die ouer tydskrif opgekom het. Laasgenoemde, as presidente, het die stoel moet verlaat om haar toespraak te lewer — die toespraak wat die deurslag moes gee. *De Goede Hoop* het dit met 'n meerderheid van drie stemme gewin. Die enigste troos wat dr. Viljoen uit die uitslag gehaal het, was dat hy in staat was om mevr. Schonken se pleitrede volledig in sy tydskrif op te neem. Moontlik kon dit diens doen by die volgende kongres! Maar dan had hy dit mis. Want die volgende jaar, toe die stryd tussen die twee maandblaaië hernuwe word,





DR. W. J. VILJOEN (1869-1929), professor in Nederlands op Stellenbosch, kampioen van „Vereenvoudiging” en hoofbevegter van die tweede Afrikaanse Taalbeweging.

wen *De Goede Hoop* dit met 'n meerderheid van sestien. Ja, en die jaar daarna sonder teenstem. Afrikaans was toe nie langer struikelblok nie. Soos by die jongmense, so ook by die vroue, het die suurdesem al goed gewerk. Vroue is makliker te oortuig as mans. Toe een van die afgevaardigdes by die laaste geleentheid die ou beswaar opper dat *De G.H.* te veel vir Afrikaans is, roep 'n ander uit: „Maar *dis* juis die rede waarom ons hom verkies!”

#### ELIZABETH ROOS.

Die samewerking wat ek van daardie verstandige, edele, en tog so nederige Afrikaner-vrou (nou ook lid van „*De Goede Hoop* Kommissie”) geniet het, was een van die plesiere van my *Goede Hoop*-lewe. Sy was redaktrise van die A.C.V.V.-kolomme; maar „Maak tog maar die foutjies reg, mnr. De Waal,” het sy my vrindelik versoek, en met die hartelikste gewilligheid het ek die werkie maand na maand vir haar verrig. Gehinder het my, egter, die afkeer wat sy vir Afrikaans gekoester het, ofskoon sy nooit anders as p̄lat „Patriots” met my gesels het nie. Voor 'n Parlementêre Gekose Komitee in 1906 het sy so ver gegaan as om te verklaar: „Ik denk dat wanneer enige opgevoede Afrikaander door een magistraat of andere siviele dienaar wordt toegesproken in Kaaps Hollands, deze zulks als een belediging zou beschouwen.” Veelsêend dat die hoof van die vereniging wat hom ten doel gestel het „al datgene te bevorderen wat zuiver Afrikaansch is”, suiwer Afrikaans so kon affronteer. Maar ek meen dat daardie ook die laaste keer was dat sy dit gedoen het. Soos die dag van gister herinner ek my die lewendige gesprek wat ons een dag in my kantoor, toe sy plaasgeneem het na my die A.C.V.V.-stukke te oorhandig

het, oor die taal-onderwerp gehad het. Ek het haar daarop gewys dat die redding van ons nasie, as sodanig, berus by eerbiediging van wat ons eie is. „Ek sien jou standpunt in,” sê sy voor ons uitmeekaar gaan, en nooit het ek daardie volkswrou weer iets teen Afrikaans hoor rep nie. Met haar medebestuurslid, mevr. Z. J. de Beer, het ek minder moeite gehad. Dié was sommer van die staanspoor gereed om Afrikaans te steun.

### „JOHANNES VAN WYK” IN BOEKVORM.

My „Johannes van Wyk” in *De Goede Hoop* het ten einde geloop in die Augustus-uitgawe van 1905. Aangemoedig deur vriendelike aanmerkings wat ek daaromtrent verneem het onderwyl die serie aan die gang was, het ek besluit om dit in boekvorm uit te gee. Ek het gevoel dat so ’n uitgawe miskien meer sou doen om Afrikaans te bevorder as al die toesprake wat ek al oor die taal gelewer en al die koerantebriewe wat ek al daaroor geskrywe het, hoe nuttig hierdie ook mag gewees het. In Julie 1906 het die verhaal in sy nuwe vorm sy verskyning gemaak. Dat die roman reg eenvoudig en vol tekortkomings was, het ek maar te goed besef. Maar Afrikaans had praktiese hulpmiddels nodig, en ons jeug het erbarmlik gebrek gely aan gewilde, nasionale lektuur. Gelukkig het ek toe nog nie geweet dat die boek bestemd was om tot spesiale slagoffer te dien van die soekligte en vergrootglase van foutsoekende, afbreeksugtige „deskundiges” nie. Anders mag dit my van die waagstuk afgeskrik het. Ek sou gevrees het dat die pennevrug, as gevolg van slegmakery, weinig aftrek sou kry, en my

eerste romantiese verhaal sou stellig ook my laaste gewees het. Dis eers baie jare later, naamlik toe ek al 'n verharde sondaar geword het, dat ek my kwaad ontdek het.

Meer as een van die beoordelaars het my gekomplimenteer met wat hulle genoem het „moed” om 'n boek in Afrikaans uit te bring — moed, want hoe kon ek verwag dat 'n werk in so 'n geminagte taaltjie genoeg lesers sou vind! Ek mag hier egter aanstip dat, van 'n geldelike oogpunt beskou, die waagstuk nie groot was nie. Selfs 'n betreklik behoeftige skrywer sou dit kon bekostig. Die 500 goed ingebonde eksemplare van 184 bladsye het my op minder as £40 te staan gekom!

Die boek is deur die tiental koerante waaraan ek kopieë ter resensie gestuur het, almal (op een na) besonder simpatiek — by die meeste selfs uiters hartlik — ontvang: nie omdat sy gehalte dit gevorder het nie, maar omdat die beoordelaars gelukkig meer nasionaal en redelik as „deskundig” en vitterig was. Vir die auteur baie bemoedigend. Vir die volk tot g'n nadeel nie.

Maar oor hierdie onderwerp het ek al by 'n vorige geleentheid uitgewei (nl. in *Die Burger* van 12 en 13 Augustus 1921); so wil ek dit daar laat. Alleen mag ek in die verbygaan nog meld dat die 500 eksemplare gou uitverkoop is, en, daarna, 10,500!

Taalswaer Preller, wat self in 1906 'n boek uitgebring het — „Piet Retief”, 'n baie verdienstelike werk — en van ondervinding kon praat, was dit met my in beskouing eens omtrent die waarde van literatuur as propagandamiddel. „Só sal ons vooruitvoer met ons taal,” skryf hy (8 Augustus), „en op g'n ander manier nie. Al die praatjies help niks. Ons moet werk soos jy nou gewerk het.”

## GEESDRIFTIGE WAPENBROERS.

In dieselfde brief vertel hy van 'n sekere „D. Malherbe, 'n jong Afrikanertjie wat onlangs uit Europa terug is en nou te Daljosaphat verblijf” — iemand wat ek moet „inspan voor *De Goede Hoop* — hij moet skryf.” Van hierdie „jong Afrikanertjie” was mnr. P. Malherbe (een van die ag stigters van die „Afrikaanse Taalgenootskap van Regte Afrikaners”) die vader, en ds. S. J. du Toit oudoom — 'n oud-oom met wie die jongman in die politiek egter nie langs een vuur gesit het nie.

Alreeds het 'n intieme maat van dr. D. F. Malherbe, dr. A. I. Perold, wat al die vorige September na sy vaderland teruggekeer het en self „vuurvreter” (soos ons dikwels bestempel is) was, my van daardie veelbelowende bondgenoot vertel, en gretig het ek toe sy koms afgewag.

Dr. Perold self het spoedig 'n kragtige wapenbroer geblyk. Hy was van die begin van 1906, as waarnemende professor in die skeikunde, in die Kaap (eers aan die S.A. College, daarna aan die Diocesan College) gevestig, en het in sy ledige tyd enige lang artikels in Afrikaans oor „Di Wynbouw” geskrywe. Nee, een hiervan het al in Desember die vorige jaar verskyn. En die stukke is kort daarna in pamfletvorm uitgegee. Pionierswerk in 'n nuwe rigting.

Saam met dr. Perold het uit die buiteland hier aangekom 'n ander strydlustige, taalbewuste jonge Afrikaner, dr. D. F. du Toit Malherbe. Merkwaardig genoeg, hulle was aldrie, eweas die jonge Hoogenhouts, spruite van die *Patriot*-wêreld, die Pêrelse distrik. (Ontkiem uit die brood wat die Genootskap van Regte Afrikaners op die water gewerp het?)

Intussen het 'n jong advokaat, Roché Pohl, wat hom gedurende die Anglo-Boere-Oorlog kranig gedra het en besonder geesdriftig vir die volkstaal was, in die Kaap kom praktiseer, met sy kantoor naas myne. Dan het ook mnr. (nou senator) W. A. Hofmeijr, 'n beginselvaste patriot wat hom ewemin as ek geskaam het oor ons taal en nooit padgegee het vir werk nie, hom omtrent daardie tyd in die Kaap kom neersit, naamlik as prokureur. Saam met die Afrikaans-voorstanders wat al tevore hier gevestig was, 'n aansienlike leërtjie! Was die tyd nie nou bepaald aangebreek om 'n organisasie te stig nie?

## HOOFSTUK XIII.

---

1906.

---

DIE A.T.V. GEBORE.

---

MY VINGER DAARIN.

---

KRYGSRAAD.

In Julie 1906 het gemelde dr. D. F. Malherbe in die Kaap geland, en sonder versuim het dr. A. I. Perold hom aan my voorgestel. Nouliks het ek hom leer ken, of ek voel ek het met 'n medewerker duisend te doen. Verskeie kere daarna het ons mekaar ontmoet, soms met dr. D. F. du T. Malherbe ook by; en dit het ons viertal nie lank geneem om te besluit nie dat stappe gedoen behoort te word om 'n vereniging ter bevordering van Afrikaans in die Kaap te stig. Die twee Malherbes het 'n vyftig myl van die stad gebly, maar die moeite om Saterdag Kaap-toe te reis om hier met dr. Perold en my te kom krygsraad hou, was vir hulle g'n opoffering nie.

### VOORLOPIGE ORGANISASIE.

Ek weet nie of ek ooit in my lewe ernstiger gesukkel het om 'n onderneming te laat slaag nie. My hele hart en siel was in die ding. Vas oortuig van die verdienstelikheid en die krag van ons saak, het

ek besef dat dit net 'n vraag was van hoe om vooroordeel op die doeltreffendste manier te ondermyn — die vooroordeel van die welmenende vrind en van die spottende vyand. Ek het my daarop toegelê om, aan die een kant, met soveel takt en toegewendheid moontlik, en, aan die ander, met 'n beslistheid wat vir niks terugdeins nie, te werk te gaan.

Goed begin, half gewin. Om vanuit die staanspoor sukses vir die te stigte organisasie te verseker, het ek, o.a., al my nasionaal-gesinde vrinde onder die regsgeleerdes en geneeshere in die Kaap persoonlik, een vir een, gaan opsoek om hulle te beweeg om by ons aan te sluit. By meer as een het ek dit net opdraand gekry. Die vernaamste beswaar by hulle was nie dat Afrikaans te veel van 'n „kombuis-taal” was nie, maar dat dit noodlottig vir Hollands in die algemeen in Suid-Afrika sou wees as ons die Nederlandse vorm teenwerk, daar Afrikaans nie opgewasse was teen Engels nie. Dan moes ek hulle daarop wys dat Nederlands as lewende taal in elk geval alhier aan die verdwyn was en hulle plegtig verseker dat ons eerder hierdie taal sou help as beveg. Ek moes uitlê dat die instandhouding van Hoog-Hollands in ons land uitsluitlik afhang van die instandhouding van Afrikaans, daar dit nie *Engels*-sprekendes is wat Nederlands ophou nie, en ons almal mettertyd eentalig Engelssprekend sou word as ons nie Afrikaans behoorlik respekteer nie. Selfs het ek dit gewaag om my reeds gekompromitteerde vrind Frans Malan te probeer omhaal om hom by ons te voeg. Onbeweeglik het ek hom nie gevind nie, maar tog baie huiwerig. In alle geval, hy het belowe om die voorlopige vergaderinkie wat gehou sou word om oor die saak te beraadslaag, by te woon. En hy het woord gehou.



## DIE VOORLOPIGE VERGADERING.

Hierdie vergadering het plaasgevind in my kantoor, 10 Waalstraat, op 5 Oktober (1906). Buiten adv. Malan en myself, was teenwoordig adv. H. S. van Zijl, L.W.V.; prok. (nou dr.) J. G. van der Horst; dr. D. F. Malherbe; adv. Wessel Roux; mnr. H. Gerdener (nou L.P.R.); dr. Perold, en mnr. (later prok.) J. Meijer de Kock. Notule van die vergadering, aangeteken in potlood deur dr. Malherbe, is nog in my besit. Daar dit baie beknop is, mag ek dit wel letterlik aanhaal:—

“Adv. van Zijl stel voor dat dit wenselik is ’n Vereniging te stig ver befordering van gebruik van Afrik. taal.

Adv. Malan meen swarigheid te hê ter wille van di houding wat di Gouvernement inneem — welke taal is eigenlijk verpligtend? Kerk steunpilaar van di Afrik. nationaliteit, en offisiële taal Hollands. Dit is di twee weselike besware.

Malherbe meen di te’enwoordige Afrik. beweging gaan nie revolutionair te’en Hollands optrek, maar wil slegs basis vorm ver skryftaal.

Dr. Perold is o’ertuigd dat Afrik. di enige taal van di toekomst kan wees. Di stigting van ’n vereniging sal help om di verkeerde voorstellinge wat omtrent ons spreektaal heers, te vernietig. Hij secondeer di voorstel van Adv. van Zijl.

Mnr. v. d. Horst is nie geheel o’ertuigd nie dat Afrik. *die* taal moet wees. Afrik. moet voorlopig slegs als middel dien om di volk te bereik. Hij is om *die* rede belangstellend daarin, maar nie omdat hij dit juist as erkende skryftaal wil hê nie.

Dr. Perold meen di enige vraag is eenvoudig of Afrik. of Hollands di skryftaal van di land gaan

wees. Ons volk agteruitgeset deurdat hul geen voertuig van gedagtes het nie.

Adv. v. Zijl meen dat ons nie te veel lawaai moet maak, om nie te sterke opposisie te wek nie.

Mnr. v. d. Horst stel voor di aanstelling van 'n commissie om middele te beraam tot di stigting van 'n vereniging. Eenparig aangenome.

Adv. v. Zijl stel voor dat di commissie sal bestaan uit Adv. de Waal, Dr. Perold, Malherbe, Adv. Roux. Gesecondeerd deur mnr. H. Gerdener. Aangenome."

#### AS „ONS LAND" ONS HELP.

Verheug het dit my dat ook vrind Frans Malan, ten spyte van sy „swarigheid," vir mnr. Van der Horst se voorstel gestem en hom aldus met ons beweging vereenselwig het. Of hy dit gedoen het uit ontsag vir die voorsteller, wat 'n persoonlike vrind van hom sowel as 'n vooraanstaande Afrikanerpolitikus was, is minder. Nie alleen in sy persoonlike bevoegdheid nie, maar ook as een van die leiers van die Bondsparty, veral as redakteur van die magtigste volksorgaan in Suid-Afrika, kon sy goedgesindheid ontsaglik veel vir ons saak beteken.

#### ONSE JAN KWAAD.

Maar die volgende môre, pas na ek my sitplek in my kantoor ingeneem het, stap neef Frans daar in met die verleentheid op die gesig, om die mooi lugkasteel wat ek al vir ons beweging gebou het, lelik te skud.

„De Waal," sê hy, „hou my liewers buitekant die ding, hoor. Ek kom nou net van Onse Jan, aan wie ek alles vertel het, en die oubaas is die josie in, veral vir jou."

„Hy dink ons wil Hoog-Hollands verban,” sê ek.  
„Ek sal hom ons bedoeling gaan verduidelik.”

„Dit sal niks help nie,” antwoord hy. In alle geval, hy verseker my hy sou ons nie teenwerk solank as ons nie Nederlands bestry nie. Ons moes nou maar tevrede wees as hy hom neutraal hou!

Weg is ek na Avondrust, Stephenstraat — die konsepreëls, soos ek hulle al opgetrek het, in my hand. As Onse Jan nie ons beweging wou ondersteun nie, moes hy dit ook nie teenwerk nie.

Maar, foei! Wat 'n ontmoeting! Hy self het die deur kom oopmaak, maar sien my dadelik gestoord aan en nooi my nie eens binne nie! En skaars het ek hom die doel van my besoek begin vertel, of hy antwoord kortaf: „Moenie met my kom praat oor daardie affêre nie! Alreeds het ons dit so moeilik in ons taalstryd. Nou wil julle nog ons kragte kom verbrokkel!”

„Maar, oom Jan, dis gladnie ons plan om kragte te verbrokkel nie. Laat my net ons reëls vir oom Jan voorlees, dan.....”

Die onthutste man het my egter g'n kans gegee om voort te gaan nie. „Ek weet al oorgenoeg van jul reëls, dankie! Jy hoef my niks voor te lees nie.”

Nog enige woorde op dowe ore, en, sonder eens om my te groet, stap hy binne-toe; en ek die stoep af. So 'n ontvangs het ek van die ou vriend wat my nooit tevore anders as hofflik, in die laaste tyd selfs kameraadskaplik, behandel het, nooit verwag nie. Dat ek daar verontwaardig oor gevoel het, hoef ek nie te sê nie. Eenkant was dit maar goed so. Ek had nou minder nodig om my goeie ou oom se gevoelens te ontsien in die stryd voorhande.

Maar die volgende dag, tot my verrassing, stap hy my kantoor binne om my te kom nooi vir 'n koppie koffie. „Tot besinning gekom!” dog ek by myself.

Maar toe ek in die kafee die taalkwessie nogeens ophaal, versoek hy my om liewers nie oor daardie onderwerp te praat nie! Dit was egter minder. Ek het hom geken. Sy twis met iemand wat dit goed meen met die volk, het sy fyngewoelike hart gehinder, en hy sou my nie besoek het as hy van plan was om my verder te dwarsboom nie.

#### PROF. DE VOS BEDROEF.

Maar pas was die onplesierige botsing tussen die volksleier en myself agter die rug, of ek haak by 'n ander groot vaderlander! Hierdie keer was dit weer prof. De Vos. 'n Mens tree liewer op teen 'n honderd kwaadwillige vyande as teen 'n enkele welmenende vriend. Die goedgelewige professor wat so kort tevore nog gewaan het dat Nederlands ook wel die spreektaal van ons skoolkinders kon word, het nou gewaar dat, in plaas daarvan, Nederlands nog mag gedwing word om ook as *skryftaal* plek te ruim vir Afrikaans! So skryf hy my uit 'n droewige hart 'n vaderlike vermaning (wat ek ongelukkig nie meer in my besit het nie). Ek en my vriende, verlang hy moet ons tog besin eer ons verder gaan. Ter wille van die behoud van Hollands in Suid-Afrika, moet ons tog asseblief afsien van ons strewe, daar ons hierdeur net Engels in die hand werk!

Ongelukkig het ek nie 'n kopie van my antwoord nie; maar ek verbeel my ek het hom daarin gewys op die onoorbrugbare verskil tussen Afrikaans en Nederlands, 'n verskil wat gedurig groter sou word as ons hom sy gang laat gaan in plaas van te keer deur Afrikaans eenkeer as skryftaal vas te stel; en dit dus ook in belang van Nederlands sou wees dat ons hiermee nie langer sloer nie.

Dit verheug hom, verklaar die professor, o.a., in sy weerantwoord, „zulke warme belangstelling in onze taal te zien bij ontwikkelde jonge Afrikaners” — maar, ag! ons moet tog ag slaan op wat hy in sy „Open Brief” gesê het, en, al het ons al ons saak so ver gedrywe, terugkeer! Hy gee redes. En ek moet sê dat, van almal wat indertyd vir die uitsluitlike behoud van Nederlands as ons skryftaal gepleit het, professor De Vos, met sy sielsoortuiging dat hy reg was, verreweg die gesondste geredeneer het. Was sy brief nie so lank nie, sou ek dit volledig plaas. Laat my net 'n enkele paragraaf aanhaal. (Daardie bekeerling tot Kollewyns, let wel, het nog in baster-Siegenbeeks geskrywe.) Hier volg dit:—

„Gij wijst op ,t groote onderscheid dat er bestaat tusschen onze spreektaal en onze schrijftaal — tusschen het Holl. van het huis en het Holl. van de boeken.’ Als gij nu uw doel bereikt, dan valt dit onderscheid tusschen spreek- en schrijftaal weg. Maar hebt gij er goed nagedacht hoe lang het wel duren zal eer het daartoe gekomen zal zijn?..... Gij zegt feitelijk aan onze kinderen ; ,Het Holl. dat zij u op de scholen en in de boeken opdringen, is uwe taal niet en kunt gij nooit regt kennen en liefhebben; nogtans willen wij dat gij dat zult leeren op de school. Het Kaapsch-Hollandsch echter is uwe taal : die moet gij liefhebben, spreken en schrijven.’ Is dat niet juist berekend om onze kinderen met afkeer te vervullen ten opzichte van hunne Holl. lessen, en menig traag kind te leeren zijn patriottisme en liefde voor zijn eigen taal achter een vijgeblad te laten gebruiken?... Is dat niet de meest onpraktische wijze denkbaar om met zijn taal en de jeugd om te gaan?”

Logies genoeg. Maar die professor het nie daaraan gedink nie dat wanneer Afrikaans eenmaal deur

Universiteit en Onderwysdepartement erken is, dit ook, naas Engels, om daardie rede, *geleer* sou moet word — en nie as „foreign language,” naas Duits en Frans nie; nie as *vak* nie, maar — as landstaal, as *voertaal*; terwyl Nederlands by ons kinders die plek sou moet inneem wat die klassieke tale by die Engelse kinders inneem, hoewel om kragtiger redes. Ek sou daar egter niks by gewin het om my geagte korrespondent op daardie verskil attent te maak nie. Op hofflike manier het ek die ontvangs van sy gewaardeerde brief erken en by my punt gebly. Maar dit het my regtig gehinder, moet ek sê, om so 'n hartlike vriend en mede-patriot te moet teleurstel. En die volgende dag was 3 *November* — die dag waarop die Afrikaanse Taalvereniging sou gestig word!

#### DR. D. F. MALHERBE BEGIN SKIET.

Laat my tot dr. D. F. Malherbe terugkeer. Na sy aankoms in sy vaderland het hy 'n tydelike betrekking (Aug.-Des.) as taalleraar aan die Hugenote-Seminarie, Wellington, aangeneem; en, met die moed van sy ferme geloof in Afrikaans en die drif van die jeug — hy was toe nog maar vyf-en-twintig — het hy dadelik op daardie konservatiewe plek voorbereidingswerk vir ons saak begin verrig — iets waaroor, soos ek verneem het, sommige Wellingtonners erg ontevrede was. Hy het daar, o.a., in die Goodnow Hall een aand oor die vraag of Afrikaans dan nog dialek was, aan 'n gehoor van tussen 300 en 400 belangstellendes 'n lesing gehou wat heeltemal 'n beroering gebring het onder onderwysers en studente, veral van die Sendinginstituut.

#### DR. VILJOEN SE ANTWOORD.

Dat die saadjies wat by daardie geleentheid (12 Okt.) gesaai was, nie almal in dorre aarde geval het

nie, was natuurlik te vermoed. Kon dr. Viljoen, hoof-kampvegter van Nederlands in Suid-Afrika, so 'n trotserende lesing van die lippe van die jong taal-geleerde wat met soveel gesag oor die onderwerp kon praat, sommer stilswyend laat verbygaan? Was 't nie te wagte van hom om die publiek tydig teen so 'n dwaalleer en tewens teen die te stigte vereniging te waarsku nie?

Alte seker! En hy sou sy plig doen! In Wellington, ook in die Pêrel, word dan vir hom die nodige geleentheid verstrekk. Ja, maar wat sou hy eintlik daar verkondig? Hoe moes hy dr. Malherbe antwoord? Hoe die dreigende vereniging keer? — hoe die domper op al die geesdrif sit? 'n Filoloog wat ruim sulke hoë diplomas besit as hyself, kon hy in die taalkunde nie net met loskruit, met blufmiddels, beveg nie? Hy kon nie bra weerlê dat Afrikaans taal is nie. Trouens, hyself het mos al, al was dit baie jare gelede, beweer dat dit taal is! Hy durf ook nie verklaar — wat 'n dodelike argument sou gewees het as dit waar was — dat die voorstanders van Afrikaans politieke aanhangers van S. J. du Toit was nie. Ewemin kon hy vertel dat hulle daarop uit was om die taal te verengels of te vergrof of te verlaag, want hy en almal wis dat hul verklaarde doel juis die teenoorgestelde was. Nou wat dan? Veiligste weg om in te slaan was om soveel moontlik in die lug te skerm! En hy doen dit. Op albei plekke lewer hy die soort toespraak wat vir die onpartydige toeskouer moet gelyk het of die held van Stellenbosch begin tou-opgooi. Dat hy nie op sy gemak gevoel het nie, het al dadelik geblyk uit die titel van sy onderwerp: „Wat is nu eigenlijk uw taal?” Asof ons nie alreeds vir jare en jare agtereën van hom en sy mede-Taalbondlede verneem het dat *Nederlands* „onze eigen taal,” „onze moedertaal,” „onze volks-

taal," was nie! Sy ongemak het verder geblyk waar hy die vraag, die kernvraag, of Afrikaans „taal" of „dialek" was, moedswillig vermy, en hy niks meer teen hierdie taal kon opbring nie dan dat sommige mense, skoolseuns veral, daarvan 'n „koeterwaals," 'n „brabbeltaal," maak deur dit aanhoudend te deurspek met skoon Engelse woorde! — iets wat jy natuurlik, desverkieënd, met Duits ook kan doen. Maar ofskoon hy niks teen Afrikaans, as taal, kon aanvoer nie, maak hy tog 'n kamtige beroep op ons, propagandiste, om van ons beweging af te sien. „Gaarne geloven we," sê hy, „dat de meerderheid van degenen die zich tans weer zo sterk hebben uitgesproken ten gunste van het Afrikaans, bestaat uit welmenende jonge vaderlanders. Hun roepen we toe: is 't nu wel in 't belang van onze nationale eenheid, is 't werkelijk ‚patroties', om, na de strijd die we pas op taalgebied hebben doorgemaakt, kans tot verdeeldheid te geven.....?" Verder redeneer hy dat ons almal Nederlands behoort te kies omdat verreweg die meeste Afrikaners dit verkies en omdat hulle „in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoorwaardelik de voorkeur (zullen) geven aan het Engels."

Op die soort nasionalisme wat hierdie woorde ver-raai, maak dr. E. C. Pienaar in sy „Taal en Poësie" pertinente kommentaar. Maar die enigste waarop ek eintlik wou wys, is die sprekende pappigheid van die antwoord — nogal die kragtigste wat dr. Viljoen onder omstandighede kon lewer!

Tog, onkundige toehoorders — daar sal wel 'n heel klompie gewees het wat meer afgegaan het op die man se naam en sy indrukwekkende voordrag as op die gewig van sy argumente — het saam met die bevooroordeelde partygangers, die professor uitbundig toegejuig en hom daardeur blykbaar onder die



waan gebring dat sy rede wonderlik effektief was „Ik ben juist betijds geweest,” het hy op die aand van sy vergadering op Wellington, net na dit oor was, in die teenwoordigheid van my vriend Imker Hoogenhout geroem, „om deze beweging de nekslag toe te dienen.” Sy regtige genadeslag aan die beweging sou egter nog volg! Hy sou naamlik sorg dat sy orasie vollediglik in *Ons Land* verskyn op.....  
3 November!

### WOEDE BUITEN WOORDE.

As die geleerdste van teenstanders van Afrikaans g'n behoorlike argumente langer teen hierdie taal kon aanvoer nie, wat kon jy van die gewone opponent verwag? Hier is 'n voorbeeld — ek haal aan uit 'n brief van mnr. B. N. Volsteedt, Sr., in *Ons Land*:— „Is het niet treurig dat onze moedertaal zo uit elkander wordt gescheurd en wel door mannen die beter behoren te weten? Ze weten ook beter, maar hoe verklaren wij dan hun handelwijze? Ach, het is onverklaarbaar..... Predikt het (Afrikaansch), schrijt het, en de duivel vliedt'....., De Afrikaansche taal is belachelik, want zij woont in de kombuis, op de straat, in de kantienen, in de woningen van onopgevoeden.”

### VOORLOPIGE KOMMISSIE SE VERSLAG.

Die komitee wat aangestel is deur die voorlopige vergadering van 5 Okt., sou in die openbaar, naamlik in die Wichtsaa, volgens kennisgewing in *Ons Land*, op 3 November verslag doen van sy werk. Die dokument wat ons opgetrek het, is bra lank, anders sou ek dit volledig hier wil weergee. Om kort te gaan, die komitee het bevind dat dit „uiters wenslik is dat

so spoedig moënlik 'n vereniging in die Kaapkolonie gestig word met hoofdoel om die gebruik van Afrikaans sowel as skryf- as spreektaal aan te moedig." En ons gee daartoe 'n reeks middele aan die hand. Die eerste en tweede hiervan was „om (1) mede-Afrikaners te o'ertuig dat die taal van die Afrikaner Volk Afrikaans is en dat dit, as sodanig, erkenning en ondersteuning van Afrikaners verdien; (2) om Afrikaanse ouers daarop te wys dat, waar Afrikaans nie die huistaal is nie, die kinders daar alleen Engels praat en lees en ernstig gevaar loop om, behalwe hul moedertaal, ook hul nasionaliteit heeltemal prys te gee."

Die „middel" waarmee ons egter onder die ouer geslag die meeste rekrute gehoop het om te wen, was die sesde: „Om daarvoor te ywer dat deeglike onderrig in Nederlands op ons skole gegee word, daar Nederlands die hoofbron van Afrikaans is en opdat Afrikaners so gemaklik moënlik toegang mag hê tot die ryke Nederlandse literatuur."

#### VERENIGING GESTIG.

Die vergadering, gehou op 'n Saterdagoggend, is heel goed bygewoon. Daar was omtrent sewentig teenwoordig. Mnr. Van der Horst, wat voorgesit het op ons voorlopige byeenkoms, het weer die stoel beklee en in sy openingsrede 'n welbedagte en besonder oordeelkundige verdediging van ons optree gelewer, sonder om selfs die verwoedste aanbidders van Nederlands seer te maak. Meer bepaald het hy die *Cape Times*, wat na aanleiding van dr. Viljoen se minagtende houding teenoor Afrikaans — 'n houding wat die blad toegejuig het — verklaar het, o.a., dat dit belaglik is om te dink dat daar 'n letterkundige taal uit Afrikaans geskep kon word, die kop gewas.

Vir dr. Viljoen self het hy maar baie liggies getik. Hy wou nie aanneem dat die koerante die professor juis gerapporteer het nie!

Op mnr. Van der Horst het ek gevolg, en, gepaard met 'n toespraak, aanname van die verslag voorgestel. Dit het dr. D. F. Malherbe gesekondeer, en iets profeties, wat alreeds bewaarheid is, het hy by daardie geleentheid geuit. Ek haal aan uit *Ons Land*: „Had men het eerst zo ver gebracht dat het Afrikaans algemeen als schrijftaal werd erkend, dan, meende hij, dat 90 per cent van onze jonge Afrikaanders die tans hun briefwisseling met elkaar haast uitsluitlik in 't Engels voerden, zich geredelik van 't Afrikaans zouden bedienen.”

Adv. H. S. van Zijl, ds. J. G. Steijtler (Hopefield), mnr. (later ds.) P. van Huijssteen (Kweekskool, Stellenbosch), ds. P. de Waal (Leipoldtville), mnr. D. du Toit (Stellenbosch), eerw. F. N. van Niekerk („Ebenezer”), ds. N. J. Brümmer (Drieankerbaai), dr. D. F. du T. Malherbe, en mnr. J. Smuts (Stellenbosch) het almal ten gunste van die aanbevelings gepraat, wat dan ook eenparig, op voorstel van dr. Perold, gesekondeer deur adv. Wessel Roux, aangeneem is.

### DIE HOOFBESTUUR.

Tot hoofbestuur is gekies: Mnr. J. G. van der Horst, adv. H. S. van Zijl, adv. Wessel Roux, adv. R. Pohl, dr. D. F. Malan, dr. D. F. Malherbe, dr. D. F. du T. Malherbe, dr. A. I. Perold, ds. P. de Waal, mnr. P. Imker Hoogenhout (Wellington), en mnr. D. J. J. Brink (Wellington), met mag tot byvoeging. Onder hierdie mag is bygevoeg: adv. H. Burton (Kaapstad), ds. G. L. van Heerde (Philadelphia), ds. N. J. Brümmer, mnr. W. A. Hofmeijr,



DR. D. F. MALAN, geb. 24 Mei, 1874; een van die invloedrykste lede van die A.T.V. en tweede President hiervan.

prok. J. M. Theunissen (Prins Albert), mnr. J. H. Malan (Oudtshoorn), mnr. D. P. du Toit (Cradock), mnr. (later ds.) W. J. du Toit (Stellenbosch), en mnr. P. Hauptfleisch (Pêrel). 'n Besonder sterk liggaam, en g'n een is daarop geplaas net vir die naam nie.

### GELUKWENSINGS.

Van die ontvangte gelukwensings het ek nog 'n paar in my besit. Mnr. Gustav Preller se woorde het gelui: „Van harte sukses met byeenkoms en beweging. Keer Afrikaans en keer die see is een doen.” Maar die boodskap wat die meeste toejuiging uitgelok het, was die versekering van ds. W. Postma (in 'n brief aan my gerig) dat oud-President Steijn, wat tot dusver bang gewees het dat die beweging „strijd in eië kamp sal teweegbreng,” nou daarmee tevrede is en dit toejuig. Hierdie fraai stukkie nuus, behoorlik opgeneem in *Ons Land* se verslag, het miskien net soveel invloed ten goede uitgeoefen as al die gelewerde toesprake tesame; want destyds, en tot by sy dood, was Steijn die mees gevierde van Suid-Afrika se volkshelde.

### DIE AMPTENARE.

Die keus van amptenare van die vereniging is oorgelaat aan die hoofbestuur, wat sou vergader op 1 Desember. Tot President is gekies dr. D. F. Malherbe; *vice*-President, ekself; Sekretaris, dr. Perold; en Penningmeester, adv. Roux. In die keus van President het mnr. Van der Horst net een stem minder as dr. Malherbe gekry.

## DIE STATUTE.

Die Afrikaanse Taalvereniging opgerig, moes die statute, ooreenkomstig die goedgekeurde verslag, behoorlik geformuleer word. Hierdie werk is opgedra aan 'n komitee van vyf lede (Malherbe, Van Zijl, Perold, Roux en myself). Die vernaamste bepaling, die siel van die statute, was, na my oordeel, dat *takke* gestig kon word en dat van hierdie takke *bepaalde arbeid* te wagte was. Waar, naamlik, tien of meer persone op enige dorp of in enige wyk hulle wou verenig om 'n tak in die lewe te roep, kon hulle dit doen, en dan word van hulle verwag dat hulle sal sorg dat daar *minstens tweemaal in die jaar 'n gesellige byeenkoms, konsert, opvoering, lesing of iets dergelyks gehou word, met alles in Afrikaans of Nederlands*. As daar in jou dorp nog nie 'n tak was nie, kon jy aansluit by enige tak wat jy verkies.\*

---

\* Die eerste lede van die Kaapstadse tak (waarvan ek tot voorsitter en mnr. W. A. Hofmeijr tot sekretaris gekies is), was: Edele F. W. Reitz, advokate H. S. van Zijl, Wessel Roux, R. Pohl, A. J. Pienaar, H. Burton, A. S. van Hees, J. J. Scheepers, J. E. R. de Villiers, dr. W. J. van Zijl, D. G. Conradie en myself; predikante N. J. Brümmer, P. Kriel, P. de Waal, G. L. van Heerde, D. J. de Villiers (Redelinghuis), Kuhn (Krugersdorp), Maartens (Johannesburg), D. H. Cilliers (Aberdeen), D. Rossouw (George), B. Hattingh (Sutherland) en H. Pienaar; prokureurs W. A. Hofmeijr, J. J. Michau, J. G. van der Horst, Victor Kotzé, W. Muller, C. Watermeyer en Lawrence (Calvinia); dokters P. M. Daneel en H. Wessels; dr. A. I. Perold; argitek F. W. Hesse, asst. magistraat H. C. Becker; onderwysers J. S. du Plessis en P. J. Neethling; mnre. F. G. Meijer, P. Koster, F. H. Dormehl, M. M. Dormehl, Jacob van Reenen, Jac. Rijnhoud, J. M. Leibrandt, F. Duminy, J. van der Spuij, D. Smeer, J. F. Grosskopf, D. J. P. du Toit, J. J. Basson, G. J. Grobbelaar, A. M. J. de Villiers, D. F. Bosman, S. J. Hofmeijr en W. J. Fouché (Robertson);

## BAANBREKERS IN DIE Z.A.O.U.

Baie polemiëk het gevolg; en nog voor die jaar uit was, t.w. op 19 Desember, is 'n lewendige toneeltjie op die jaarlikse kongres van die Z.A. Onderwysersunie aan Somerset-Strand afgespeel. Die Voor-sitter en Sekretaris van die A.T.V., Malherbe en Perold, wat albei as onderwysers reg van sitting op die vergadering gehad het, het dit as hul plig beskou om ook dáár 'n lansie vir Afrikaans te breek, en 'n hewige stryd was die gevolg. Die twee het hulle in 'n hopelose minderheid bevind en heelwat moet sluk, maar 'n korsie is gebreek; en, al mag dit nie op die oomblik so gelyk het nie, is dit waarskynlik dat by daardie geleentheid kostelike pionierswerk ten gunste van Afrikaans in die onderwyserswêreld verrig is.

## WAS DIE A.T.V. EKSKLUSIEF?

Dis my deur 'n sekere Hollander in die Kaap verwyrt dat, sover as dit my eie aandeel in die stigting van die A.T.V. betref, ek dit gemunt het teen Nederlands en Nederlanders. Dis selfs vertel dat ek beswaar geopper het teen die aansluiting van Hollanders by ons Vereniging. Nóg in die openbaar, nóg privaat, het ek iets gesê of gedoen om 'n aantyging van daardie aard te regvêrdig. Waar my vriende nie Afrikaans wou lees of skrywe nie, het ek hulle

---

mevroue C. de Villiers, W. J. van Zijl, J. van Reenen, J. van der Spuij, F. Hesse, W. A. Hofmeijr en F. Dormehl; en mejuff. Bettie Brink, H. S. de Waal, B. Marquard, Lulu Marquard, M. Marquard, May Metelerkamp, M. van Heerden, E. van Heerden, Lilian Roos, Alida Hofmeijr, A. J. Schroeder (onderwyseres, Worcester) en Johanna Rossouw (Pêrel).

aangespoor om by Nederlands te bly. Dis teen die verengelsing van ons volk, teen nasionale oorgawe, dat ek dit in hoofsaak had. Natuurlik het ek 'n sterk voorliefde vir my eie taal gekoester; maar vir Ou Nederlands as moeder, en Moderne Nederlands as suster daarvan, het ek altyd 'n sagte plek in my hart gehad. En ek kan getuig dat dit die geval was by minstens neë uit die tien van ons hoofbestuurslede. Pas was die Vereniging in die lewe geroep of ek ontvang van 'n Hollander-student wat tydelik in Londen gebly het, 'n brief waarin hy my vra, namens homself en vyf landgenote, of hulle van ons organisasie lede kon word, en hartelik bevestigend was my antwoord. Die A.T.V.-statute, waarvan ek self die konsep opgetrek het en waaraan g'n noemenswaardige wysigings aangebring is nie, getuig ook al oorge-noeg. Dat belangstellers *in Holland* onder g'n valse indruk omtrent ons doel en strewe verkeer het nie, blyk ook voldoende uit die feit van my benoeming twee jare later (1908) tot Erelid van die Leidsche Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde. Nee, ek het nooit vergeet dat Afrikaans sy lewe en sy krag aan Nederlands te danke het nie.



## HOOFSTUK XIV

---

1906.

---

### YWER IN DIE NOORDE.

---

### IETS OMTRENT SEKERE VOORSTANDERS.

---

#### DIE POSISIE IN DIE VRYSTAAT.

Van die doen en late in die Vrystaat en Transvaal gedurende die tweede helfte van 1906 ten opsigte van Afrikaans weet ek nie te veel nie.\* Maar ds. Postma se brief (ged. 28 Okt. 1906) waaraan ek reeds iets ontleen het, werp heelwat lig op die posisie in sy kolonie, asook op sy persoonlike handelings; so mag ek wel daaruit die een en ander aanhaal:—

„Ik was vammelewe een van die lede van die Afr. Taal Kongres te Paarl. In die laaste tijd het ik hier veel geschrijve oor die taal en 'n vereniging opgerig. Hier is ons bezig met 'n Afrik. Debats Vereniging. Alles in Afrik. In verband daarmee het ons 'n zang- en toneelvereniging. Dit bloei. Ik is ook bezig met 'n Afrik. roman, geschrewe deur 'n vrind van mij, 'n boer. Ik probeer dit in beter taal en vorm giet. Dit is nie zonder verdienste nie.

---

\* Die een en ander omtrent die A.T.G. van Pretoria kom voor in my pennestryd met dr. E. C. Pienaar en mnr. F. P. Cillie in *Die Burger* (21 Aug.—25 Okt. 1921), asook in die kommentaar daarop van prof. J. J. Smith, as editeur van die *Huisgenoot*, in die September- en Oktober-uitgawes.

Ik wou u later daarvoor schrywe als ik klaar is. Want ik het nog 'n ander ene in die maak deur 'n man wat *kan* schrywe. Ik melde dit nou maar om mij te introduseer als iemand wat die Afrik. taal op die hart dra en daarvoor werk. En dit om u en die vriende daar van harte geluk te wens met die onderneming.

Ik geloof met dr. Brill dat die eenige behoud van Hollans in Afrika is in Afrikaans. Want een ding is toch net zeker, dat als ons die mense hier Hoog-Hollans gaan opdring, in watter vorm ook, ons zal maak dat hulle Engels praat. Pres. Steijn was bang dat ons strijd in eië kamp zal teweëgbreng. Maar ik het hom gezeh :— Nee ! Die zaak staan zoo : Hier in Afrika staan die deur oop voor Engels, Hollans, Duits en..... Sesuto, maar toe voor Afrikaans. Nou wil ons net die deur oopmaak voor onze moedertaal, zoodat die nie net gebruik word voor nonsens en lawwe grappe nie, maar dat almal kan zien dat als hulle 'n goeie produk kan lewer in die Af. taal, dit net zoo welkom zal wees en net zoo beschaaf als in eenige ander taal.

Nou is hij tevrede en juich dit toe.

'n Tijd gelede het ik 'n aanspraak gehou in Steijnsburg en daar het die Vereniging besluit om mee te werk. Burgersdorp zal ook saamwerk. Dit is dus 'n goeie begin in die K. Kolonie.

Hier is ons bezig, en in Transvaal ook. Als alles nou georganiseer is, moet ons maar hier op Bloemfontein 'n kongres hou van die drie Kolonies. Wat ons daarmee wen, is dat die wat huiwerig is, moed kry, en die volk se ooge oopgaan dat daar geleerde mense is wat taal ken en *tog* Afrikaans hoog waardeer."

Voorts vertel ds. Postma dat hy „al ruim 'n gehele jaar in praktyk gebring het" wat ons vereniging beoog, en gaan voort :—



Ds. W. POSTMA, *alias* „Jong Afrika,” *alias* Dr. O’Kulis (1874-1921), leier van die Afrik. Taalbeweging in die Vrystaat, en prosaskrywer.

„Heel graag zou ik van u wil hoor ál wat u tijd het om mee te deel, en ook wat ons hier kan doen. Want ik meen dat ons in korrespondensie moet blij en mekaar steun.”

Die dominee eindig sy brief met 'n aanmoedigende woordjie aan ons vereniging:—

„Om beziel te worde voor iets moet ons daarin geloof, absoluut geloof. Om daar iets aan te doen, moet ons geloof in onszelf, n.l. dat ons *geroepe* is *om te werk*, dat ons *kan* en *zal* werk met alle krag waar dit ook maar te pas kom..... Is die begin klein, hou moed! Ziende die nood, blind is die toekoms.”

Hierdie brief het ek baie waardeer, maar gehinder het my die Nederlandsagtigheid van die spelling, wat egter gestrook het met die skrywer se openbare verklaring op Steynsburg dat hulle die Bolandse skryfwyse sou moet bestry.

#### 'N TAALVERENIGING OP BLOEMFONTEIN.

Vermeld mag ook word dat kort na die oprigting van die A.T.V. 'n voorlopige komitee op Bloemfontein benoem is om 'n eie A.T. Genootskap aldaar te stig. Die voorstanders van Afrikaans het gevoel dat 'n debatsvereniging die saak nie ver genoeg kon bring nie. Maar, veelsêend, tot sekretaris is gekies 'n *Hollander*, mnr. H. H. van Rooijen. En die eerste amptelike brief wat hy aan die A.T.V. gerig het (20 Des.) was in puik Nederlands!

#### NIE DIE EGTE ARTIKEL NIE.

Die soort skriftelike Afrikaans wat die Bloemfonteinse A.T.G. voorgestaan het, was dan ook, blykens die inhoud van mnr. Van Rooijen se brief, alles-

behalve die egte artikel. Miskien is die stuk van genoegsame belang om dit hier in hoofdeel oor te neem :—

„Weled. Heer,—Onlangs werden alhier pogingen aangewend tot oprichting van een Afr. Taal-Genootschap, waartoe in beginsel werd besloten. Aan een kommissie werd opgedragen, een Reglement te ontwerpen en tegelijkertijd in korrespondentie te treden met Noord en Zuid, d.w.z. Pretoria en Kaapstad. Heden verzend ik naar eerstgenoemde plaats 'n schrijven van de volgende inhoud :—

„Uw uitnodiging aan Bloemfontein, om met U en Kaapstad in deze maand 'n konferentie te houden over Afrikaans, gewerd ons, om er op in te kunnen gaan. Intussen is hier 'n beweging aan de gang, en wil ik de vrijheid nemen u, namens 'n komitee, onze voornaamste inzichten kenbaar te maken. Genoemd komitee bestaat uit de volgende heren : Oud-Rechter J. B. M. Hertzog, Ere-Voorz.; Ds. W. Postma, Voorz.; J. S. M. Rabie, Ed. *Vriend des Volks*; D. F. du Toit („Lokomotief”); H. J. Poutsma, Ed. *Morning Post*; A. Francken en J. Wessels, docenten aan 't Grey-College, H. J. van der Spuy, oud-onderw. O.V.S.; en H. H. van Rooijen, hoofd Or. Chr. Sch., sekretaris.

Deze kommissie is van oordeel :—

ie. Dat de spelling van 't Afrikaans zo na mogelijk behoort te zijn aan 't Hollands van de ‚Vereenvoudiging’. Redenen: Phonetiese spelling is onmogelik; de ‚Vereenvoudiging’ heeft in Z.A. het pleit gewonnen; hoe nader aan 't Hollands, zoveel te meer kans van slagen; zoveel te minder oppositie; op deze wijze komt de propaganda voor 't Afrikaans, Afrikaans *en* Hollands beide ten goede; hoe nader

aan Hollands, zoveel te gemakkeliker om 't aan te leren, daar Hollands op de scholen officieel onderwezen wordt; hoe nader aan Hollands, zoveel te minder gevaar van verwarring. Daarom wenssen wij de *ch* te behouden in *school, schip, schiet*, enz.; de *ie* in *die, nie*, enz.; de *z* in *zee, zus, zes*, enz.

2e. De regel van de analogie behoort steeds tot zijn recht te komen, zodat die vorm van 't woord gekozen zal worden die 't naast aan 't Hollands is. Daarom blijft de *t* in *regt*, naast *regte*. Aanbeveling verdient de toelating der vormen *zeg* en *leg* naast *zeh* en *leh*. De uitspraak behoeft onder deze schrijfwijze niet te lijden, maar kan zich blijven richten naar de spreektaal."

Voorts beveel die komitee aan dat ons spel: *ik, hogerhuis, oge, waarzegger*, ens.

Mnr. Van Rooijen sit ook die doel en middels van sy vereniging uiteen en sluit sy brief met die hoop uit te spreek dat die konferensie „ons grote beginsel om na aan Hollands te blijven, zal overnemen."

Onlangs het ek van mnr. J. S. M. Rabie 'n skrywe ontvang waarin hy my verseker dat mnr. Van Rooijen se uiteensetting die hele komitee se gevoelens presies weergee. Hy voeg by dat daar destyds g'n stryd op Bloemfontein was nie,— wat ek geredelik wil glo, want teen wie was daar toe eintlik te stry? Die brandplek was elders. Dit neem natuurlik nie weg nie dat daar baie ruimte vir propagandawerk was.

#### HERTZOG.

Watter houding het die immer-onbevreesde genl. Hertzog ingeneem? Syne was tipies van dié van

die meeste volksleiers. Hy was vir Hollands — Nederlands sowel as Afrikaans — en sy toestemming om op die A.T.G.-komitee geplaas te word, het nie beteken dat hy Afrikaans in die plek van Nederlands wou stel nie, maar dat hy simpatiek jeens die nasionale beweging gevoel en dit nie sou teenwerk nie. So het hy, b.v., voortgegaan met al sy toesprake in Hoog-Hollands (of Engels) af te steek, en op die Nasionale Konvensie (1909) het nóg hy, nóg genl. Louis Botha, nóg genl. Jan Smuts (laasgenoemde twee was albei ingeskrewe lede van die Pretoriase A.T.G.), ewemin as Onse Jan, oud-president Steijn en adv. Frans Malan, daaraan gedroom om Afrikaans as tweede amptelike taal van die Unie, selfs as opsioneel, voor te stel, ofskoon die keus van die „vorm van Hollands,” soos my verseker is, heeltemal aan die Afrikaanssprekende lede oorgelaat was.\*

---

\* Die Afrikaans-buiten-sprake houding deur ons voormanne op die Nasionale Konvensie geopenbaar, het die handelwys van die meeste van hulle end-uit, in weerwil van die sigbaar vinnig-toenemende populariteit van die landstaal onder die jong geslag, gekenmerk. Nege jare na daardie Konvensie, toe ek (nou Volksraadslid) die amptelike erkenning van Afrikans wou bewerk — iets waarna die junior Staatsdienare smagtend verlang het — en ek vooraf die Afrikaanssprekende ministers nader om ondersteuning, het ek dit by hulle net opdraand gekry. „Tot watter nut?” het die gewese „Jan Kieser” my gevra; „sien vir Smuts.” „Ek weet nie, Jannie,” het Smuts my geantwoord; „sien vir Botha.” Die eerste minister was nie onbeweegbaar nie. Maar, „Sien vir Klasie” het hy my aangeraai. En selfs by „Klasie” (minister N. J. de Wet) het ek amper gehaak. Die enigste treffende uitsondering onder die ouer staatkundiges was Hertzog. Ofskoon, soos gesien, sy ondersteuning van Afrikaans in die begin bloot passief was, was hy die eerste van die Konvensiemanne om daadwerklik vir Afrikaans op te tree, en, direk en indirek, het hy per slot van rekening die saak onwaardeerbare dienste bewys.

WOU MY NIE LAAT KOMPROMITTEER NIE.

Na mnr. Van Rooijen se versoek te oorweeg het, het ek getwyfel of dit die A.T.V. gerade was om met die Bloemfonteinse liggaam 'n kongres te hou solank as die Hollander-gees — of, juister gesê, vooroordeel teen onvervalste Afrikaans — daarin so kenlik die bo-toon voer. Veral het ek dit betwyfel omdat ek gevrees het dat Pretoria met Bloemfontein sou meegaan. Ons durf ons nie laat kompromitteer nie — iets wat des te ligter kon geskiëd omdat sekere persone in ons eie midde daardie kant toe geneig was. By my was die verskil nie net 'n saak van opvatting of middel nie, maar van diepgrypente beginsel. Mnr. Van Rooijen en sy medewerkers, het ek wel met waardering besef, meen dit baie opreg met ons saak, maar hulle kon blykbaar nog nie verstaan nie dat jy Afrikaans moet eer soos jy dit vind, en dit nie eers gaan verkunstel tot die vorm wat eerbiedgebrek (veelal onbewus) en verdeelde liefde verlang nie. Die taal wat gemelde komitee voorstaan, so het dit my gelyk, was feitlik 'n tweede tussentaal, en daarmee mag die A.T.V. hom nie vereenselwig nie. Ons Bloemfonteinse kamerade sou eers moet afsien van hul dubieuse „grote beginsel” en tot besinning kom. Dit, wis ek, sou eerlang gebeur as hulle genoeg voorbeeld kry.

MY SPELLING.

Dit bring my tot die naasteby fonetiese spellingstelsel wat ek verkies het om te volg en waarmee die A.T.V. in hoofsaak met my saamgegaan het. 'n Interessante onderwerp; maar wil ek daarop uitwei, sou 'n lang hoofstuk tot hierdie alreeds alte lang-gerekte relaas moet bygevoeg word. 'n Besonder



betroubare uiteensetting van die feite het dan ook alreeds verskyn. Ek doel op „Die Sisteem van die A.T.V.” in meergemelde Gedenkboek van 1926 uit die pen van dr. T. H. le Roux (bll. 264—268).

### DIE VOLKSTAAL OP JOHANNESBURG.

Omtrent die pogings wat in *Johannesburg* destyds aangewend was om Afrikaans te bevorder, kan ek ook iets aanhaal uit die eerste hand, naamlik uit die pen van mnr. J. P. Jooste (nou L.V.). Mnr. Jooste het my indertyd voorgekom as die wakkerste taalstrewer in die Goudstad. Hier is sy woorde:—

„Toe met die A.T.V. en A.T.G. hier te Kaapstad en te Pretoria 'n begin gemaak werd, het ons — ons was maar 'n paar — in Johannesburg gevoel asof ons in die koue uitgesluit was. Om in 'n yskas te verkeer, het ons nie aangestaan nie, so het ek persoonlik met Preller in kommunikasie getree en hom gevra om die A.T.G.-beweging ook na Johannesburg oor te plant. My ou vrind het blykbaar nie voldoende vertroue in ons Johannesburgers gehad om die saak persoonlike aandag te skenk nie, en het my geadviseer dat ons maar self 'n poging moet maak om 'n tak van die A.T.G. op die been te bring. . . . Op die kantoor van Roux en Malherbe was destyds werksaam mnr. Celliers, wat nou prokureur is op Johannesburg. Met hom en met 'n flinke onderwyser aan die Goede Hoop-skool te Fordsburg, met die naam van Coetzee, het ek te rade gegaan. Ons drie jong ystervreters het toe besluit om 'n tak van die A.T.G. te stig. Ek was voorsitter, Coetzee sekretaris. . . . Die enigste sukses wat ons had, was om F. W. Beijers en F. E. T. Krause tot ons getal by te voeg. . . . Ons het besluit om ons vir verder ondersteuning te wend tot ons kerkelike leiers, asook

tot sodanige volksvoormanne as wat ons in Johannesburg op kon roem. Hulp nòg aanmoediging het ons egter ontvang, want ons kerkelikes was van oordeel dat die Afrikaanse taal nooit sou kon verhef word tot kanseltaal nie, en ons volksmanne was koud en het die taal selfs bestempel as 'n brabbeltaal wat nooit tot sy reg sou kom nie. . . . Ons het toe 'n ander rigting ingeslaan en besluit om te probeer om die Afrikaanse taal deur middel van die Nederlandse Vereniging tot sy regte te doen kom. Met hierdie doel voor oë het ons die Nederlandse Vereniging genader en haar voorgestel dat ons-vyf lede van die Vereniging sou word mits hulle Afrikaans as 'n voertaal van haar sal erken. Manne as Arie van Broek, J. Lub en ander wat aan die hoof van die Vereniging gestaan het, was die voorstel baie toegeneë. . . ."

Mnr. Jooste is later voorsitter van die Nederlandse Vereniging geword.

Uit sy brief mag die gevolgtrekking gemaak word dat die Pretoriase Genootskap van hul tak op die Rand g'n notisie geneem het nie, maar in billikheid moet aangestip word dat mnr. Jooste se A.T.G. slegs in *naam* tak was. Dit was 'n onafhanklike organisasie. Mnr. Jooste vertel my hy het nooit 'n vergadering van die A.T.G. op Pretoria bygewoon nie, maar wel een van die A.T.V. in die Kaap, en dat hy deur laaste benoem was om op 'n komitee diens te doen.

#### ANDER BEKENDE VOORSTANDERS.

In die loop van hierdie lang stuk oor die taalworsteling het ek die name genoem van menige welbekende (en onbekende) Afrikaner, lewend en oorlede, wat daarin deelgeneem het. Hoe is 't dat ek

van die rol van sulke vooraanstaande Afrikaansbegunstigers as C. J. Langenhoven, E. C. Pienaar, T. H. le Roux, J. J. Smith en J. H. Conradie, manne wat tog al almal teen 1906 hul jare van verstand en veglus bereik het, niks gerep het nie? Daardie vraag is my gestel na ek my artikels in die *Huisgenoot* beëindig het. Waarskynlik het so 'n vraag by verskeie lesers opgekom. Ek wil dit nie ontduik nie.

Langenhoven gee vir homself antwoord. Hy het Afrikaans daardie dae „opsy gelaat”, deel hy ons in sy „U Dienswillige Dienaar” mee, „as sonder enige moontlike toekoms.” Ek herinner my ook soos d'e dag van gister hoe skerp hy my by ons eerste persoonlike kennismaking (in Bawden se hotel op Oudtshoorn) aangepak het oor my malle ywer vir die armsalige Kaapse Hollands en hoe ek die taal van alle moontlike kante moes verdedig. Hy was toe prokureur daar. Daardie aanval het my 'n verkeerde indruk van hom laat kry en gemaak dat ek vir hom vir lange jare net so vies was as wat ek hom in later leeftyd liefgehad het — en dit sê regtig baie. In 1906 was dié eienaardige persoon die allerlaaste van wie ek sou gedroom het dat hy kampvegter van ons taal en ons populêrste volkskrywer sou word. Dis eers enige jare ná die stigting van die A.T.V. dat Langenhoven tot Afrikaans bekeerd is.

Vir dr. E. C. Pienaar kan ek gelukkig ook uit eie pen laat praat. Ek haal aan uit 'n antwoord waarmee hy my onlangs begunstig het: „Wat my eie houding omstreeks 1906 ten opsigte van Afrikaans betref, kan ek net sê dat ek destyds (as juniorstudent aan die Victoria-Kollege) baie sterk onder die invloed van dr. W. J. Viljoen en die Mansvelttradisie van Transvaal gestaan het — dus pro-Nederlands. Ek was aanvanklik niks meer nie as 'n

geamuseerde toeskouer toe die Taalbond en A.T.V. mekaar so heftig te lyf gegaan het — 'n illustrasie van die groot rol wat 'n bepaalde leermeester in 'n mens se lewe kan speel. My bekering het plaasgevind na my eerste kennismaking met Jan Celliers se ,Vlakte'-bundel omstreeks 1908 (hoewel ek reeds in my kinderjare met groot genot *Ons Klyntji* gelees het)." Dr. Pienaar, mag ek hier byvoeg, en ek het mekaar nooit, sover as ek my kan herinner, ontmoet nie tot na ons-twee in die *Burger* in 1921 mekaar se vere so laat waai het. Daarna is ons bevriend geword. Wapenbroers kan moeilik vir mekaar knaks bly.

Nou kom ek tot dr. T. H. le Roux. Dié was sesduisend myl van die brand toe dit op sy felste gewoed het. In September 1904 is hy Holland-toe vir voltooiing van sy studies, en eers in 1910 het hy teruggekeer. „Kort vantevore" (d.w.s. voor 1904), so het hy my per brief, o.a., meegedeel, „kom ek eendag by Dusseau in Kaapstad, waar hy my toe 'n werkie in Afrikaans wys. . . . Roerend was ek dit met hom eens dat Afrikaans darem nie vir iets ernstigs moes gebruik word nie! . . . Die Afrikaner wat in Holland gestudeer het, het in neen-en-neentig uit die honderd gevalle dieselfde ondervinding gehad as Hollanders soos Pannevis en Hoogenhout: hulle het gesien dat Afrikaans nie Nederlands is nie. . . . Die teenkanteling van dr. Viljoen kan ek derhalwe nog altoos nie heeltemal begryp nie. Selfs van oorlede dr. Du Toit is dit vir my vreemd. Hy is naamlik die man wat dadelik vir my in Leiden gesê het: ,Aan Afrikaners skryf ons Afrikaans, nie Nederlands nie.' " (Die persoon op wie dr. Le Roux hier doel, is dr. P. J. du Toit, 'n boerseun, professor in Nederlands aan die S.A. College vanaf ongeveer 1906. Ek mag ook hier terloops aanmerk

dat hy my by elke geleentheid dat ons mekaar teengekom het — en dit was taamlik dikwels — alleen in Nederlands toegesprek het, al het hy van my g'n enkele sinsnede in daardie taal terugontvang nie. Dr. Viljoen se voorbeeld?)

Aangaande die houding van mnr. (later professor) J. J. Smith in die heel begin van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging kan ek uit die eerste hand niks getuig nie. Student aan die Victoria-Kollege tydens die invoer van die „Vereenvoudiging”, het hy waarskynlik met sy imponerende taaldosent meegegaan. Maar omstreeks die end van 1905 is hy Londen-toe om verder te studeer, en daar het hy 'n vurig geesdriftige voorstander van Afrikaans geword. Ywer vir hierdie taal was van toe af sy groot liefhebber, nee sy lewe. Ek herinner my nog hoe entoesiasies hy oor die saak aan 'n onderlinge vrind kort na die stigting van die A.T.V. geskrywe het en hoe dit my verbly het. Wat sy gevoelens reeds in sy Londense dae oor die aansprake van die volkstaal was, word weergegee in sy lange, kernagtige Inleiding tot „Oom Gert Vertel en Ander Gedigte” (1911) van Leipoldt — 'n skrywer, *a propos*, wat ontsaglik baie aan die bemoediging en hulp van daardie taalman te danke het. Na terugkeer in sy vaderland is Smith spoedig aangeskrywe, soos vandag nog, as een van die voorste autoriteite op gebied van Afrikaans. Die enigste rede waarom ek nie sy naam genoem het nie, is omdat hy voor 1907 nog nie, sover as dit my bekend is, 'n rol in die drama gespeel het nie.

Mnr. (nou Administrateur) J. H. Conradie was medestudent van Smith op Stellenbosch. Errens in 1905 is op daardie plek 'n debat gevoer oor die vraag wat ons toekomstige taal sou wees. Hy het in die bespreking deelgeneem en gesê dat die onder-

werp hom laat terugdink aan 'n ouvrou wat 'n klein kuikentjie gehad het en haar ontsaglik bekommer het oor die vraag of dit tot 'n hen of 'n haan sou ontwikkel. Die raad wat sy gekry het, was om die dingetjie maar goed op te pas, sodat dit in elk geval 'n goeie hoender kon word. So sou hy wat Conradie is, aan sy begane vrinde die raad wil gee om te sorg vir 'n deeglike studie van Hollands, sodat, al mag dit op Afrikaans (die haan?) uitloop, dit in alle geval 'n goeie taal sou wees. Die non-kompromitterende woorde van die ontluikende politikus! Eers 'n paar jare later, naamlik na die opvoering van 'n Afrikaanse toneelstuk in die Kaap, het ons vriend definitief kant gekies.

Meer name kon by die lysie gevoeg word. Daar is, b.v., adv. H. A. Fagan, die digter en dramaturg. Dié was ook al in 1905 student op Stellenbosch. Maar ook hy was toe 'n soete volgeling van die akademiestad se taalheld. „Mijne heren,” vertel hy my, het die professor hulle eenmaal gevra, „hoe spelt u het woordje *ê*?” 'n Gelag was die enigste antwoord. Spelling onmoontlik! Afrikaans dus buiten sprake! Mnr. Fagan het eers in ongeveer 1909 bekeerd geraak, onder die invloed naamlik van sy oom J. J. Smith in Londen.

#### 'N KAMTIGE A.T.V.-LIED.

Voor ek die jaar 1906 verlaat, mag ek nog meld dat ek vir die A.T.V. die woorde van 'n liedjie gemaak het. Maar ek het hom net tweemaal — tweemaal te veel ook! — hoor sing. Die musiek was amper net so beroerd as die woorde.

## HOOFSTUK XV.

---

NA 1906.

---

### JONG SUID-AFRIKA KIES KANT.

---

### GERUS GAAN EK SLAAP.

---

#### 'N SUG VAN VERLIGTING.

So! Nou kan ek 'n sug van verligting slaak. Ek is gekom tot die einde van die moeilike en enig-sins onaangename taak wat ek my gestel het om te verrig. In die aanvang het ek gesê ek sou die geskiedenis van die loop van die Afrikaanse taal, altans sover as dit my aandeel betref, beskrywe tot die end van 1906, d.w.s. tot net na die stigting van die A.T.V. Had ek onderneem om dit tot hede toe te doen, sou ek honderde bladsye moet byvoeg.

#### AS EK MEER MOES VERTEL.

Ek sou dan moet verhaal van die propaganda vir Afrikaans gemaak deur middel van bydrae in Afrikaans aan *Ons Land*, konserte, opvoerings, resitasiewedstryde, redevoerings, ensovoort.

Ek sou moet vertel van die werk van die spelling-komitee wat die A.T.V. aangestel het; van die stryd van diegene wat soveel moontlik wou kleef aan wat die oog aan gewend was en diegene wat die oor so noukeurig doenlik wou volg — tussen *ik* en *ek*, *hem*

en *hom*, *geen* en *gin* (of, *g'n*), *als* en *as*, *leninge* en *lenings*, *masjien* en *masien* — met myself in die fonetiese rigting, maar nie so radikaal as Du Toit nie —; en hoe dit gekom het dat die spelwyse van „Johannes van Wyk” (eerste druk) in hoofsaak gevolg is.

Ek sou ook moet vertel van hoe A.T.V.-bestuurslede, meestal op uitnodiging, groot vergaderings van jongmense op verskillende buitedorpe toegesprek het — eksel in die Pêrel, op Swellendam, Robertson, Montagu, Prins-Albert, Stellenbosch, Malmesbury en ander plekke — en met watter gelukkige gevolge.

Ek sou moet aanstip van die A.T.V.-takke wat gestig is, nie net in Kaapland nie, maar in Johannesburg, Potchefstroom en op verskeie ander Transvaalse dorpe.

Ek sou moet verhaal van die A.T.V.-kolomme in *Ons Land* onder eie redaksie. Van die heftige pennestryd in daardie koerant tussen voor- en teenstanders van Afrikaans, veral van die vermaaklike botsing tussen dr. Viljoen en ds. N. J. Brümmer. Van merkwaardige bekerings tot Afrikaans — b.v., van mnr. W. J. Fouché (dr. Viljoen se mede-redakteur van *De Unie*); van „D'Arbez” (wat eenmaal 'n eie tydskrif, *Ons Volk*, gestig het weens *De Goede Hoop* se gedragslyn insake Afrikaans); van dr. G. Cillié, mnr. Paul Roos, selfs van prof. dr. J. I. Marais, ja inderdaad van al die vooraanstaande volksliewende Afrikaners van die opposisiekamp. Want, toe hierdie manne bemerk hoe Afrikaans, in weerwil van alle weerstand, by die dag grond wen, gewaar hulle ook dat hulle nie sommer met kettery of 'n akademiese vraag te doen het nie, maar met 'n ernstige *Volksaak*, en dat daar veel meer vir hierdie taal te sê is as wat hulle eers gemeen het. En ek sou moet byvoeg hoe 'n heelparty van hierdie



nuwe bekeerlinge op die ou end menige A.T.V.-lid in die handhawing en vooruithelping van die landstaal oortref het.

Ek sou moet verhaal van die oprigting en werk van *Die Voorloper* ('n weekblad onder redaksie van dr. W. J. van Zijl, die eerste koerant om in Afrikaans geregistreer te word) en van etlike Afrikaanse tydskrifte.

Ek sou iets moet sê omtrent die wonderbaarlike groei sedert 1906 van ons literatuur, ook omtrent die skeppers daarvan.

Ek sou moet aanstip van die intree van die gebruik van Afrikaans in die verrigtings van die Rondgaande Hof (April 1907), van die Hooggeregshof (kort daarna), in die administrasie van die Staatsdiens (17 Maart 1918), in *Die Burger* se inleidingskolomme (1 Januarie 1922).

Ek sou iets van 'n verslag moet lewer van die stryd tussen A.T.V. en Taalbond en hoe dit, deur 'n voorstel van generaal Hertzog, gelei het tot 'n samepreking tussen afgevaardigdes van die twee liggame, hoe Onse Jan die Taalbond genoop het om Afrikaans as selfstandige taal te erken en hoe die S.A. Akademie as gevolg in die lewe geroep is (Julie 1909).

Ek sou moet verhaal hoe dr. Viljoen na die stigting van die Akademie vir my as sy „Vrind die Vyand” (om sy groetwoorde aan te haal) die versoeningshand kom toereik het en ons weer goed geword het.

En baie meer.

Genoeg dat ek net op 'n enkele episode van na 1906 uitwei, 'n episode wat, na my beskouing, die toekoms van Afrikaans as skryftaal heeltemal verseker het.



DR. T. B. MULLER (1884-1918), die populêre en alom-  
beminde „Tobie”; magtige voorvegter vir Afrikaans en  
leier van die studente op Stellenbosch in die Tweede  
Taalbeweging.

## DIE BESLISSENDE FAKTOR.

Soos aangestip, het ek betreklik min getorring aan die vasverroeste bevooroordeeldes, die vastrappers teen elke prys in voorvaderlike paaie. Ek het my meer bepaald toegelê op die ongeketende opgroeiende geslag wat nog vry kon dink, nog vatbaar was vir oortuiging, die hart kon volg, en met die draai van die vinnige tydwiel netnou bo sou raak, netnou aan die beurt sou kom om in volksake die heerskappy te voer. Op Stellenbosch was daar destyds baie meer nasionaalgesinde jong manne te vinde — en 'n heelparty van hulle besonder veelbelowend — as op enige ander onderwysentrum; maar as daar ook een plek was waar die teenparty bevoorreg was in die uitoefening van invloed, dan was dit juis daar! Kon ons die studerende jeug van Stellenbosch vir Afrikaans wen, dan was die toekoms buiten twyfel ons-s'n. Dan was die verheffing van Afrikaans tot sy gewenste status 'n uitgemaakte saak en net 'n kwesie van tyd — van korte tyd.

Tobie Muller, die skrandere jongeling van wie ek in 'n vorige hoofstuk melding gemaak het, was nou M.A. en halfagter-speler vir Stellenbosch se eerste span; en sy skitterende verstandsvermoë is alleen oortref deur sy bekoorlike karakter, — wat tesame vir hom 'n wonderlike mate van populariteit by sy medestudente besorg het. Met hom het ek oor die saak gesels, asook met sy getroue maat Gordon Tomlinson, 'n mede-student, 'n lewendige, veglustige jong man wat ook onder die jongelingskap een van die voorbokke was. Albei het sterk ten gunste van die verhoging van Afrikaans gevoel. Albei was dan ook gewillig, en meer as gewillig, om daarvoor te ywer so hard as hulle kon. Maar hulle wis hulle had te doen, nie met die gewone struikelblok,

vooroordeel nie, maar met die gesag en sin van vasberade en magtige professore. Tobie se vader was self professor; maar dié, soos prof. Hofmeijr, was gelukkig uitsondering. Hulle albei — die een my oud-oom, die ander my gewese predikant en dierbare ou vrind, het my in antwoord op regstreekse vrae te kenne gegee dat hulle nie sterk oor die geskil voel nie en hulle buitekant die stryd sou hou. Prof. Hofmeijr (Nico se vader) het bygevoeg dat sukses alleen afhang van die mate van ons entoesiasme vir die saak. „Gooi net nie die tweede ‚nie‘ weg wanneer julle Afrikaans skrywe nie, want die dubbele negatief versag die taal.”

Die meerderheid van die studente, ten spyte van al die plaaslike *contra*-invloede, was alreeds — dank-sy veral die ywer van Tobie in die omgang — na Afrikaans geneig. Maar hoe om onaangename wrywing met grootbase, die here wat totnogtoe alle sê op taalgebied gevoer het, op die doeltreffendste manier te vermy? Om mee te begin, hulle moes sorg dat die indruk nie verwek word dat hulle Nederlands, selfs „Vereenvoudiging,” wou beveg nie. Ook moes die impressie nie geskep word dat die A.T.V. Stellenbosch wou verower nie. Die initiatief moes van Stellenbosch self kom. Op ’n private byeenkoms van ’n vyftiental studente is besluit om ’n uitnodiging aan sekere A.T.V.-hoofbestuurslede te rig om die jongmense op Stellenbosch te kom toespreek, en tot beweegrede sou hulle aangee dat hulle geneig voel om met die A.T.V. saam te gaan, maar graag eers nader inligting omtrent sy strewe wou verneem.

So besluit, so gehandel. En die vrindelike invitasie is nie van die hand gewys nie! Die vergadering het plaasgevind in die ruime C.J.V.-saal op ’n Donderdagaand, 21 Okt. 1907. Soos op byna alle

ander plekke waar ons in die openbaar vir Afrikaans gaan pleit het, was die opkoms meer as bevredigend. 'n Heelparty van die voorste plaaslike ingesetenes het ook opgedaag. Hieronder, professore N. J. Hofmeijr, J. I. Marais, C. F. J. Muller en T. Walker. Mnr. J. D. Krige („Japie Home”), onderwyser aan die Gymnasium (soos die Hoër Jongenskool destyds geheet het), het die stoel beklee; en, na 'n gepaste inleidingstoespraakie, het hy dr. W. J. van Zijl — 'n gewese Victoria-Kollege-student, wat as spreker in die buiteland eer verwerf het — gevra om die woord te voer. Hierdie jonge redenaar sou uitwei oor die prosa- en liederstyl van die volkstaal; en pas het hy begin, of jy kon sien hoe die wind waai. Byna elke sinsnede van sy lippe is deur die geesdriftige jong Afrikaner-bloed toegejuig. Volgende aan die beurt was ekself. Ek sou aantoon, o.a., dat presies dieselfde vooroordeel wat daar teen Afrikaans aangetrof word, ook geheers het teenoor al die groot tale van Europa in hul begin. En die ontvangs wat my woorde gekry het, was net so gelukkig as dié van my voorganger. Daarna was my vrind Tobie aan die beurt. Hy sou die gehoor kort, baie besadig, amper apogeties, toespreek. Hy sou feitlik slegs vertel hoekom ons uitgenooi was. En geweldig is hy toegejuig.

Maar mnr. F. P. Cillié — tot my teleurstelling, want hy is die een wat al jare tevore verklaar het dat hy al besig was om Afrikaans te skrywe „presies soos ik ze spreek” — en dr. G. Cillié, mnr. J. C. Pauw en mnr. Paul Roos (die bekende Springbok) was nog allesbehalwe oortuig dat Afrikaans jou pen wêrd was soos Nederlands, en hulle het nie saal-toe gekom net om toehoorders te wees nie! Vermoedelik het hulle darem ook nie gedroom dat hulle die vergadering sou vind in die gees waarin hulle dit aange-

tref het nie. Hulle moes die jong mense probeer keer van ons verderflike leer aan te neem! Mnr. F. P. Cillié het hulle daarop attent gemaak dat Afrikaans nie 'n taal genoem kon word nie, „want het bezit maar tweehonderd woorde!” Dr. G. Cillié het probeer bewys dat Afrikaans g'n taal is nie, „maar slechts een dialekt dat door de niet-geleerde klassen gesproken wordt.” Mnr. Pauw was redeliker. Hy het g'n twyfel nie, sê hy, of die A.T.V. meen dit goed, „want de voorstanders van de beweging zijn toch allen bekend als rechtgezinde Afrikaanders,” maar was dit nou die tyd vir soiets? Die klanke van die pas geëindigde hewige stryd oor Vereenvoudiging weerklink nog „in aller oren.” Mnr. Paul Roos het begin met te sê dat, noudat hy van dr. Van Zijl gehoor het van die juweeltjies in sy spreektaal, hy dit nog meer lief het as ooit, maar ons behoort net *een* skryftaal te hê, „en dit moet de taal wezen die ons het naast aan Nederlands en de Nederlandse literatuur houdt.”

Maar die toesprake van die beswaarmakers was by die meeste studente soos water op die makou se rug, en dit was nie vir dr. Van Zijl en myself moeilik om daarop te antwoord nie. Vir mnr. Paul Roos het ek daarmee gelukkigwens dat toe hy begin ernstig word het, hy die kunsmatige Nederlands laat vaar het, om weg te val in suiwer Afrikaans — 'n „beskuldiging” wat hy daar en dan met hewige verontwaardiging van hom afgewerp en waarvoor hy 'n apologie geëis het! Maar oor die taaltoekoms van daardie lewendige jong onderwyser het ek nie nodig gehad om my te bekommer nie. Ek het hom persoonlik te goed geken. Sy onblusbare sportgees was alleen te oortref deur sy warme volksliefde en sy grondeerlikheid, en hierdie twee eienskappe sou hom netnou,



GORDON TOMLINSON, een van die eerste leiers van die Afrikaanse taalbeweging onder die studente op Stellenbosch.

by die eerste ontgogeling, met geweld in die regte pad bring. (Soos hy, so was daar baie.)

Die beste wyn was egter vir die end van die fees gehou. Die laaste toespraak van die aand is gelewer deur mnr. W. A. Hofmeijr, en op sy bekende diplomatieuse wyse het hy dit aangelê. Op só oortuigende manier het hy uitgelê dat die A.T.V. nie alleen saamwerk met die Taalbond nie, maar in dieselfde rigting ywer as professor De Vos, dat ek dit amper self geglo het!

Na afloop van die vergadering, terwyl neef Paul besig was om my buitekant voor stok te kry oor die kompliment wat ek hom in die vergadering toegeswaai het en nie wou terugtrek nie, was 'n klomp studente en enige ander in die saal besig om 'n tak van die A.T.V. te stig! Vier-en-veertig het daar en dan aangesluit, en tot bestuur is gekies: Tobie Muller, voorsitter; B. A. Spies, vise-voorsitter; G. J. Marais, sekretaris; Gordon Tomlinson, bibliotekaris, en P. J. du Toit.\*

Die optree van die studente daardie aand, herhaal ek, het die deurslag ten gunste van Afrikaans gegee. Dit het beteken die besetting en wisse val van Port Arthur! Wel kon ek die aand toe ek in die kooi kruip, in die woorde van Shakespeare se „Mark Anthony” uitroep: „Mischief, thou art afoot! Now let it work!” (Lees *Heil vir Mischief!*)

Die seun, sê die spreekwoord, is vader van die man. Min het ek egter daardie aand gedroom dat Afrikaans so vinnig aan sy regte sou kom, minste van al dat ek dit sou belewe dat selfs die *ultra*-konservatiewe kansel sou swig vir die stroom. Toe

---

\* Breedvoerige inligting omtrent die handelings van die Stellenbosse A.T.V.-tak is te verkry in Keet en Tomlinson se beskrywing van Tobie Muller se lewe, vanaf bl. 45.



Bennie Keet, een van Tobie Muller se uitverkore maats, in 1919 daarin slaag om 'n voorstel deur die Kaapse Sinode te kry, nogal met 'n meerderheid van 75, dat aan Afrikaans dieselfde regte verleen word as aan Nederlands, het ek my sinne nouliks kon glo.

Ons, van die ou garde, verdwyn al vinnig van die toneel. Maar 'n vertroostende gedagte is dat die Afrikaanse taal ons nie sal mis nie. Sy erkenning het hy al in omtrent elke opsig op papier verkry en die opkomende geslag handhaaf en vereer hom op 'n manier wat my beste verwagtings oortref. Dis my hart regtig verkwikkend om dit gade te slaan. Bou voort, jong volksgenote, onverskrokke. Hou wat julle het, en vat wat julle nog toekom!